(c) The distant signal, consisting of a square flag having either above or below it a ball, or anything resembling a ball.
(d) A continuous sounding with any sound apparatus
(e) A signal consisting of a succession of white pyrotechnical lights fired at short intervals.
(f) The international distress call "MAYDAY" (corresponding to the French pronunciation of the expression "M'aider"), by means of radio-telephony.

Aircraft in Difficulties and Compelled to Land.

175. (a) Where an aircraft has a message to send stating that it is in difficulties and about to land compulsorily, but does not require immediate assistance, it shall preface its call sign with several repetitions of the urgency signal PAN.

(b) Where the signal PAN is received from an aircraft without any message following, it shall signify that the aircraft has been compelled to land and is unable to transmit its intended message owing to the rapidity of the landing, but does not require immediate assistance.

Vliegtuig minstens 150 voet breed.

(c) as hy 'n totale breedte van 150 voet of meer het: behalwe elke ander lig genoem in hierdie artikel, aan albei kante 'n wit lig ten einde die breedte van die vliegtuig aan te gee. Hierdie lig moet soveel moontlik rondom op 'n afstand van ten minste een myl sigbaar wees.

Sweefvliegtuie.

167. 'n Sweefvliegtuig moet in die gevalle waarin vliegtuie ingevolge die voorskrifte van hierdie hoofstuk ligte moet voer, 'n wit lig voer wat soveel moontlik rondom sigbaar moet wees.

GEBRUIK VAN SEINE.

Oproepsein.

168. By die gee of ontvang van seine met radiotelegrafie of ander verbindingsmiddel, behalwe met optiese seine waarby die Morse-kode nie gebruik word nie, moet elke lugvaartuig wat die nasionaliteit van 'n kontrakterende staat dra, die volledige groep van vyf letters waaruit sy nasionaliteits- en inskrywingskenmerk bestaan, gebruik as oproepsein. By seine per radiotelefonie moet hierdie groep voorafgegaan word deur die naam van die eienaar van die lugvaartuig.

Afkorting van Oproepsein.

169. Nadat verbinding deur middel van bobedoelde oproepsein tot stand gebring is, kan die lugvaartuig sy oproepsein egter afkort tot—

(a) die eerste en die laaste letter van die volledige oproepsein van vyf letters—by radiotelegrafie;
(b) die hele naam of 'n gedeelte van die naam van die eienaar van die lugvaartuig, gevolg deur die laaste twee letters van die volledige oproepsein van vyf letters—by radiotelefonie.

Die bepaalde in hierdie artikel doen verder geen afbreuk aan die in hierdie hoofstuk vervatte bepalings betreffende seine nie.

Wettige gebruik van Seine.

170. Niemand in 'n lugvaartuig mag 'n sein wat by hierdie regulasies voorgeskryf is, aanwend vir 'n ander doel as wat daarin omskryf word, of wetens en sonder wettige magtiging of verskoning (waarvan die bewyslas op die beskuldigde rus) 'n marine-, militêre of lugmagsein gee nie.

Naglanding op Vliegpark.

171. (a) 'n Lugvaartuig, wat sonder om daartoe genoodsaak te wees, by nag wil land op 'n vliegpark waar diens personeel aanwesig is, moet voor die landing ligskittering vertoon met 'n lamp of 'n skynwerper—maar nie met sy gewone navigasieligte nie—of anders onderbroke geluidsein gee.

(b) Bowendien moet hy met behulp van die internasionale Morse-kode deur middel van geluid- of ligseine 'n groep van twee letters weergee, gevorm deur die eerste letter van sy nasionaliteitskenmerk en die laaste letter van sy inskrywingskenmerk.

Toestemming tot Landing.

(c) As toestemming tot landing gegee word, moet die geskied deur op die grond dieselfde lettergroep te herhaal deur middel van 'n groen lig en dit te laat volg deur groen ligskitterings.

Bevel om nie te Land nie.

172. As op die grond 'n rooi ligkoeël afgevuur of 'n rooi skitterende lig getoon word, gee dit te kenne dat geen enkele lugvaartuig mag land nie.

Genoodsaakte Landing Snags.

173. 'n Lugvaartuig wat by nag genoodsaak is om te land moet voor die landing met sy navigasieligte 'n aantal kort skitterings maak.

Noodseine.

174. As 'n lugvaartuig hom in groot en onmiddellik dreigende gevaar bevind en dringend hulp nodig het, moet hy die volgende noodseine, hetsy gesamentlik, hetsy afsonderlik gee—

(a) die internasionale sein SOS, deur middel van optiese of radiotelegrafiese seine;
(b) die vlagnoodsein NC van die internasionale seinboek;
(c) die afstandsein bestaande uit 'n vierkantige vlag waarbo of waaronder 'n bal is of 'n voorwerp wat soos 'n bal lyk;
(d) 'n aangehoue toon met enige geluidgewende werktuig
(e) 'n sein bestaande uit die afvuur van wit ligkoeëls een vir een met kort tussenpose;
(f) die internasionale noodsein MAYDAY (ooreenkomend met die Franse uitspraak van die uitdrukking „m'aider") by gebruik van radiotelefonie.

Lugvaartuig in die moeilikheid en gedwing om te land.

175. (a) As 'n lugvaartuig te kenne wil gee dat hy hom in moeilikhede bevind of dat hy gedwonge is om te land, sonder dat onmiddellike hulp nodig is, moet hy sy oproepsein verskeie kere laat voorafgaan deur die spoedsein PAN.

(b) As die sein PAN van 'n lugvaartuig ontvang word sonder dat 'n berig daarop volg, beteken dit dat die lugvaartuig gedwonge was om te land en weens die skielikheid van die landing onmoontlik die voorgenome berig kan uitstuur, maar oriens geen onmiddellike hulp nodig het nie

(c) Where the signal PAN is sent by radio-telegraphy, the three letters shall be well separated so that the signals AN are not transformed into one signal P.

Aircraft having a Very Urgent Message to send.

176. Where an aircraft has a very urgent message to send concerning the safety of the aircraft, or of any person on board, or of any ship, aircraft, vehicle, or person within sight, it shall for the purpose of indicating the urgency of the message, by radio-telegraphy, preface its call sign with several repetitions of the group XXX, the letter of each group being clearly separated from the letters of the successive group, or by visual signals consisting of a succession of green pyrotechnical lights or of a succession of green flashes made with daylight signalling apparatus.

Authority to signal PAN and XXX.

177. Neither the signal PAN nor the signal XXX may be transmitted except with the authority of the commander or person responsible for the aircraft.

Aircraft having a Message to send concerning Navigation.

178. Where an aircraft has a message to send concerning the safety of navigation or containing important information relative to meteorological warning messages, it shall in radio-telegraphy preface its call sign by the safety signal, consisting of the group TTT (transmitted with the letters well separated) followed by the word DE, or in radio-telephony by the word "SECURITY".

Aircraft required to Land.

179. To require an aircraft to land, the following signals shall be used:—

(a) By day: Three projectiles discharged at intervals of 10 seconds each showing on bursting black or yellow smoke.

(b) By night: Three projectiles discharged at intervals of 10 seconds each showing on bursting green lights or stars.

(c) In addition, where necessary to prevent the landing of an aircraft other than the one ordered, a search-light which shall be flashed intermittently, shall be directed towards the aircraft whose landing is required.

Aircraft in Vicinity of Prohibited Area.

180. The following signals shall denote that an aircraft is in the vicinity of a prohibited area and should change its course:—

(a) By day: Three projectiles discharged at intervals of 10 seconds, each showing on bursting white smoke, the location of the burst indicating the directing the aircraft should follow.

(b) By night: Three projectiles discharged at intervals of 10 seconds, each showing on bursting white lights or stars, the location of the burst indicating the direction the aircraft should follow.

Fog Signals.

181. (a) In the event of fog or mist rendering aerodromes invisible, their presence may be indicated by a balloon acting as an aerial buoy and/or other approved means.

Sound Signals to be made.

(b) In fog, mist, falling snow, or heavy rainstorms, whether by day or night, an aircraft on the water shall make the following sound signals:—

(i) If not anchored or moored, a sound at intervals of not more than two minutes, consisting of two blasts of about five seconds' duration with an interval of about one second between them.

(ii) If at anchor or moored, the rapid ringing of an efficient bell or gong for about five seconds at intervals of not more than one minute.

AERIAL LIGHTHOUSES.

Establishment of Aerial Lighthouse.

182. An aerial lighthouse shall not be established or maintained within the Union, nor the character of the light exhibited therefrom altered, except with the approval of the Minister.

Wilful Damage to Aerial Lighthouses, etc.

183. A person shall not wilfully or negligently injure or interfere with any aerial lighthouse established or maintained with the approval of the Minister or any light exhibited from any such lighthouse.

False Lights in Neighbourhood of Aerial Lighthouse or Aerodrome.

184. (a) Whenever in the Union any light is exhibited—

(i) in the neighbourhood of an aerodrome or an aerial lighthouse so as to be liable to be mistaken for a light proceeding from an aerial lighthouse or for a prescribed light at an aerodrome; or

(ii) which, by reason of its liability of being mistaken for a light proceeding from an aerial lighthouse or for a prescribed light at an aerodrome, is calculated to endanger the safety of aircraft; or

(iii) which, being in the neighbourhood of an aerodrome, is liable by reason of its glare to endanger the safety of aircraft arriving at or departing from the aerodrome,

(c) By uitstuur van die sein PAN deur middel van radiotelegrafie moet die drie letters so gespasieer word dat die groep AN nie vervloei in 'n enkele P nie.

Lugvaartuig met baie dringende berig.

176. As 'n lugvaartuig 'n baie dringende berig wil oorbring betreffende sy eie veiligheid of van iemand aan boord, of van 'n skip, lugvaartuig, voertuig of persoon wat in sig is, moet daardie lugvaartuig, ten einde die dringendheid van die berig te kenne te gee, by gebruik van radiotelegrafie sy oproepsein verskeie kere laat voorafgaan deur die groep XXX, met duidelike spasiëring tussen elke twee groepe. By gebruik van optiese seine word 'n aantal groen ligkoeëls een na die ander afgevuur of 'n aantal groen ligflikkerings een na die ander gemaak met behulp van dagseinapparaat.

Toestemming tot Oorsein van PAN en XXX.

177. Die sein PAN sowel as die sein XXX kan slegs met toestemming van die gesagvoerder van die lugvaartuig uitgestuur word.

Lugvaartuig met berig betreffende Navigasie.

178. As 'n lugvaartuig 'n berig wil sein wat betrekking het op die veiligheid van die navigasie of belangrike inligtings wil gee met betrekking tot meteorologiese waarskuwingsberigte, moet hy by gebruik van radiotelegrafie sy oproepsein laat voorafgaan deur die veiligheidsein TTT (met die letters duidelik gespasieer), gevolg deur die woord DE, of, by radiotelefonie, deur die woord „SECURITY".

Lugvaartuig beveel om te Land.

179. Om aan 'n lugvaartuig te kenne te gee dat hy moet land, moet die navolgende seine gebruik word:—

(a) Oordag: Drie projektiele wat met tussenpose van tien sekondes afgevuur word en swart of geel rookwolke ontwikkel as hulle bars.

(b) Snags: Drie projektiele wat met tussenpose van tien sekondes afgevuur word en groen ligte of sterre afgee as hulle bars.

(c) Om so nodig die landing van 'n ander lugvaartuig as die een waarvoor die bevel tot landing bestem is, te voorkom, moet bowendien die laasbedoelde met tussenpose deur 'n soeklig beskyn word.

Lugvaartuig in nabyheid van verbode gebied.

180. Om aan 'n lugvaartuig kenbaar te maak dat hy hom in die nabyheid van 'n verbode gebied bevind en sy koers moet verander, moet die navolgende seine gebruik word:—

(a) Oordag: Drie met tussenpose van tien sekondes af te vure projektiele waarvan die wit rookwolke wat by barsting ontwikkel moet word tesame die rigting aandui wat die lugvaartuig moet volg.

(b) Snags: Drie met tussenpose van tien sekondes af te vure projektiele waarvan die wit ligte of sterre wat by barsting ontwikkel moet word tesame die rigting aandui wat die lugvaartuig moet volg.

Newelseine.

181. (a) As 'n vliegpark deur mis of newel onsigbaar gemaak is, kan sy ligging en aanwesigheid aangedui word met behulp van 'n ballon as lugboei en/of met behulp van 'n ander goedgekeurde middel.

Geluidseine by Newel, ens.

(b) In geval van newel, mis, sneeuval of hewige reën, hetsy oordag, hetsy snags, moet 'n lugvaartuig wat hom op die water bevind die volgende geluidseine gee:—

(i) As die lugvaartuig nie ten anker lê of gemeer is nie: Met tussenpose van hoogstens twee minute 'n geluidsein bestaande uit twee stote wat ongeveer vyf sekondes duur en geskei is deur 'n tussenpoos van ongeveer een sekonde.

(ii) As die lugvaartuig ten anker lê of gemeer is: Vinnig lui met 'n voldoende helder klok of ghong gedurende ongeveer vyf sekondes met tussenpose van ten hoogste een minuut.

LUGVAARTVUURTORINGS.

Oprigting van Lugvaartvuurtoring.

182. Sonder goedkeuring van die Minister mag geen lugvaartvuurtoring in die Unie opgerig of onderhou, of die aard van die lig wat daaruit laat straal word, verander word nie.

Opsetlike beskadiging van Lugvaartvuurtorings, ens.

183. Hetsy met opset of uit nalatigheid mag niemand 'n lugvaartvuurtoring wat met goedkeuring van die Minister opgerig en onderhou word, of die lig wat daaruit laat straal word, beskadig of daaraan peuter nie.

Vals ligte naby Lugvaartvuurtorings en Vliegparke.

184. (a) Wanneer in die Unie 'n lig getoon word—

(i) in die nabyheid van 'n vliegpark of 'n lugvaartvuurtoring, sodanig dat dit aangesien kan word vir 'n lig wat uit 'n lugvaartvuurtoring straal of vir 'n lig wat by 'n vliegpark voorgeskryf is; of

(ii) wat omrede die moontlikheid dat dit aangesien kan word vir 'n lig wat uit 'n lugvaartvuurtoring straal of vir 'n lig wat by 'n vliegpark voorgeskryf is, gevaar kan oplewer vir lugvaartuie; of

(iii) wat omrede sy nabyheid aan 'n vliegpark deur verblinding gevaar kan oplewer vir lugvaartuie wat daar land of opstyg,

the Minister may serve a notice upon the owner of the place where the light is exhibited or upon the person having charge of the light, directing that owner or person within a reasonable time, to be specified in the notice, to take effectual means for extinguishing or for effectually screening the light and for preventing for the future the exhibition of any similar light.

(*b*) The notice may be served either personally or by post, or by affixing the same in some conspicuous place near to the light to which the notice relates.

(*c*) If any owner or person on whom a notice is served under this regulation fails, without reasonable cause, to comply with the directions contained in the notice, he shall be deemed to have failed to comply with these regulations.

(*d*) If any owner or person on whom a notice under this paragraph is served neglects for a period of 7 days to extinguish or effectually screen the light mentioned in the notice, the Minister may authorize any person to enter upon the place where the light is and forthwith extinguish the same, doing no unnecessary damage, and may recover the expenses incurred in so doing from the owner or person on whom the notice has been served.

CHAPTER XI.

PENALTIES.

Contravention of Regulations.

185. If any person contravenes or fails to comply with any of these regulations he shall, on summary conviction be liable to imprisonment for a term not exceeding six months or to a fine not exceeding two hundred pounds, or to both such imprisonment and fine.

Contravention of Customs Regulations.

186. Any proceedings in respect of contravention of or failure to comply with any of the provisions of Chapter XVII of these regulations shall be deemed to be proceedings for the recovery of a penalty under the Acts relating to Customs.

Aircraft Flown in Contravention of Regulations.

187. If an aircraft flies in contravention of or fails to comply with these regulations, or any provisions thereof, or if in or in respect of any aircraft any act is committed which is a contravention of these regulations or any provisions thereof, the owner or hirer of the aircraft and the pilot or commander thereof shall be deemed to have contravened or, as the case may be, failed to comply with these regulations; provided that—

Defence to Proceedings.

(*a*) it shall be a defence to any proceedings for such contravention of, or failure to comply with these regulations if the contravention or failure is proved to have been due to stress of weather or other unavoidable cause; and

(*b*) it shall be a defence to any proceedings under these regulations against the owner, hirer, pilot, or commander of an aircraft to prove that the alleged contravention took place without his actual fault or privity.

Obstruction of Authorized Person.

188. If any person obstructs or impedes any authorized person in the exercise of his powers and duties under these regulations, he shall be deemed to have acted in contravention of these regulations.

Power to Cancel, Suspend, or Endorse Licences and Certificates.

189. Any certificate or licence granted under the Act or regulations may, after investigation, be cancelled, suspended or endorsed by the Director of Civil Aviation, on contravention of the Act or regulations. Such cancellation, suspension or endorsement shall be subject to confirmation by the Minister. The Minister may, pending the holding of such inquiry suspend any such licence temporarily and provisionally.

Cancellation or Suspension of Certificate of Registration.

190. Where any person is convicted of any contravention of or failure to comply with these regulations in respect of any aircraft, the Director of Civil Aviation may cancel or suspend the certificate of registration of that aircraft.

Production of Certificate or Licence.

191. The Director of Civil Aviation may, for the purpose of these regulations, require the production to him, or to any authorized person, of any certificate or licence granted under these regulations by the holder of any such certificate or licence, or by any person having the possession or custody thereof, for the purpose of being dealt with as provided under the Act or regulations and failure to comply with this requirement shall be an offence under these regulations.

4

kan die Minister 'n kennisgewing lewer aan die eienaar van die plek waar hierdie lig getoon word of aan die persoon met toesig oor die lig, waarby so'n eienaar of persoon gelas word om binne redelike tyd (in die kennisgewing te vermeld) stappe te doen om die lig uit te doof of afdoende af te skerm of om te vermy dat in die vervolg 'n dergelike lig weer getoon word.

(*b*) Lewering van die kennisgewing kan òf persoonlik òf deur d e pos, dan wel deur aanhegting daarvan op 'n in die oog lopende plek naby die gewraakte lig geskied.

(*c*) As so'n eienaar of persoon aan wie ingevolge hierdie artikel 'n kennisgewing gelewer is, sonder redelike oorsaak in gebreke bly om die voorskrifte van die kennisgewing na te kom, word geag dat hy daardeur ook versuim het om die bepalings van hierdie regulasies na te kom.

(*d*) As so'n eienaar of persoon aan wie ingevolge hierdie artikel 'n kennisgewing gelewer is, na 7 dae nog nie die gewraakte lig uitgedoof of afdoende afgeskerm het nie, kan die Minister enigiemand magtig om die plek waar die lig is, te betree en die lig dadelik uit te doof sonder om onnodig skade aan te rig. Die Minister kan dan die onkoste in hierdie verband verhaal op die eienaar of persoon aan wie die kennisgewing gelewer is.

HOOFSTUK XI.

STRAFBEPALINGS.

Oortreding van hierdie Regulasies.

185. Iedereen wat enige bepaling van hierdie regulasies oortree of versium om dit na te kom, kan by summiere skuldigbevinding veroordeel word tot hoogstens ses maande gevangenisstraf of tot hoogstens tweehonderd pond boete, of tot die gevangenisstraf sowel as die boete.

Oortreding van Doeane-regulasies.

186. Elke regsgeding ten opsigte van ootreding of van versuim in nakoming van enige bepaling van hoofstuk XVII van hierdie regulasies word beskou as 'n regsgeding tot verhaal van 'n geldstraf ingevolge die wette op doeane.

Lugvaartuig strydig met Regulasies bestuur.

187. As 'n lugvaartuig strydig met hierde regulasies of enige bepaling daarvan vlieg, of versuim om gemelde regulasies of bepalings na te kom, of as binne of ten opsigte van 'n lugvaartuig 'n daad gepleeg word wat 'n oortreding van hierdie regulasies of van enige bepaling daarvan uitmaak, word geag dat dit die eienaar of huurder van die lugvaartuig en die bestuurder of gesagvoerder daarvan is wat hierdie regulasies oortree of anders versuim het om hulle na te kom, al na die geval, met dien verstande dat—

Omstandighede ter Verdediging.

(*a*) dit in elke regsgeding weens so'n oortreding of versuim in nakoming van hierdie regulasies ter verdediging tel as bewys word dat die oortreding of versuim te wyte was aan dringende weersomstandighede of 'n ander onvermydelike oorsaak; en

(*b*) dat dit in elke regsgeding wat kragtens hierdie regulasies teen die eienaar, huurder, bestuurder of gesagvoerder van 'n lugvaartuig ingestel word, ter verdediging tel as bewys word dat die beweerde oortreding plaasgevind het sonder sy daadwerklike toedoen of medewete.

Dwarsboming van gemagtigde persoon.

188. As iemand 'n gemagtigde perscon in die uitoefening van sy magte en taak ingevolge hierdie regulasies, dwarsboom of belemmer, word geag dat so iemand strydig met hierdie regulasies gehandel het.

Mag om Lisensies en Bewyse te skors, ens.

189. By oortreding van die Wet of hierdie regulasies kan elke bewys of lisensie wat ingevolge gemelde Wet of regulasies toegeken is, ná ondersoek ingetrek, geskors of aantekening daarop gestel word deur die direkteur van burgerlike lugvaart. Sodanige intrekking, skorsing of aantekening is onderhewig aan bekragtiging deur die Minister. Tot tyd en wyl bobedoelde ondersoek plaasvind, kan die Minister so'n lisensie of bewys tydelik en voorlopig skors.

Intrekking of Skorsing van Inskrywingsbewys.

190. Wanneer iemand aan 'n oortreding of versuim in nakoming van hierdie regulasies ten aansien van 'n lugvaartuig skuldig bevind is, kan die direkteur van burgerlike lugvaart die inskrywingsbewys van daardie lugvaartuig intrek of skors.

Oorlegging van Bewys of Lisensie.

191. Die direkteur van burgerlike lugvaart kan vir sover dit hierdie regulasies betref, eis dat die houer van 'n bewys of lisensie ingevolge hierdie regulasies toegestaan, of die persoon wat dit in besit of bewaring het, aan gemelde direkteur of 'n gemagtigde persoon daardie bewys of lisensie oorlê met die doel om daarmee volgens die bepalings van die Wet en hierdie regulasies te handel. Versuim om aan hierdie eis gevolg te gee, maak 'n oortreding van hierdie regulasies uit.

4

CHAPTER XII.

RADIO.

CONDITIONS RELATING TO THE INSTALLATION OF RADIO COMMUNICATION APPARATUS IN CIVIL AIRCRAFT.

Type of Aircraft to Carry Radio.

192. Radio communication apparatus shall be carried in every public transport aircraft capable of carrying ten or more persons (including the crew) as shown in its certificate of airworthiness, and every public transport aircraft fitted with more than one engine.

193. Such apparatus shall be operated under the conditions defined by the International Radio-Telegraph Convention of Madrid.

194. The installation of a radio telegraphy set of the spark wave type (type B of the General Regulations annexed to the International Radio-Telegraph Convention of Madrid) is prohibited on board aircraft.

Type of Apparatus and Installation to be Approved.

195. Before radio-communication apparatus of any type whether for transmission only, or for transmission and reception, or for reception only, is installed in any aircraft registered in the Union, a Post Office licence to fit such radio-communication apparatus in the aircraft must be obtained, the type of apparatus must be approved by the Postmaster-General and the installation (including bonding and screening) must be in accordance with requirements laid down by the Director of Civil Aviation.

Operation of Radio.

196. No person may operate radio-telephony or radio-telegraphy transmitting apparatus in aircraft unless he is the holder of a radio operator's licence issued by the Postmaster-General.

Fresh Licence on Change of Ownership.

197. In the event of the change of ownership of an aircraft fitted with radio-communication apparatus, the new owner shall apply to the Postmaster-General for the issue of a fresh licence to fit radio-communication apparatus in that aircraft.

CHAPTER XIII.

LICENSING OF PERSONNEL.

Persons required to hold Licences.

198. Save as provided by paragraph 13 of Chapter II of these regulations, every person acting as a commander, pilot, navigator, ground engineer, or other operative member of the crew of a Union aircraft shall be the holder of a licence in respect of the capacity in which he is so acting, granted or rendered valid under the provisions of these regulations.

In this Chapter the expression "licence" includes a certificate of competency.

Authority to issue Licences.

199. The Director of Civil Aviation, Defence Headquarters, Pretoria, shall issue, renew or validate all licences required by the Act or these regulations.

Classes of Licences.

200. (*a*) *Pilots' licences.*—There shall be two classes of pilots' licences—

(i) *Class "A".*—Pilot's licence to fly private aeroplanes.
(ii) *Class "B".*—Pilot's licence to fly public transport or aerial work aeroplanes.

(*b*) *Navigators' licences.*—There shall be two classes of licences to navigate aircraft, viz.: First Class and Second Class.

(*c*) *Ground Engineers' licences.*—There shall be five categories, viz.: "A", "B", "C", "D" and "X".

Period of Validity.

201. Licences shall remain valid for the following periods:—

(*a*) Class "A" Pilot's licence not more than 12 months;
(*b*) Class "B" Pilot's licence not more than 6 months,

where the holder is of the male sex, and not more than 4 months where the holder is of the female sex.

(*c*) Navigator's licence not more than 24 months.
(*d*) Ground Engineer's licence not more than 12 months.

Requirements for Issue applicable to Renewal.

202. The holder of a licence who applies for the renewal thereof may be required to satisfy all or any of the requirements which are for the time being applicable to the issue of a licence of the same class.

Age Limits.

203. Applicants for the grant of licences must be within the following age limits:—

(*a*) Class "A" Pilot not under 17 years.
(*b*) Class "B" Pilot not under 19 nor over 45 years.
(*c*) Navigator not under 19 nor over 50 years.
(*d*) Ground Engineer not under 21 years.

HOOFSTUK XII.

RADIO.

VOORWAARDES BETREFFENDE INSTALLERING VAN RADIO-VERBINDINGSTOESTELLE IN BURGERLIKE LUGVAARTUIE.

Tipe Lugvaartuig wat Radio-toestel moet hê.

192. Elke openbare verkeerslugvaartuig wat blykens sy lugwaardigheidsbewys tien of meer insittendes (met inbegrip van die bemanning) kan vervoer, asook elke [illegible]eermotorige openbare verkeerslugvaartuig, moet 'n radio-ver[illegible]dingstoestel meevoer.

193. Gebruik van so'n toestel geskied ooreenkomstig die voorwaardes van die Internasionale Radio-telegrafiese Konvensie van Madrid.

194. Dit is verbode om 'n radio-telegrafie-toestel van die tipe met vonkgolf (tipe B van die aangehegte Algemene Regulasies van die Internasionale Radio-telegrafiese Konvensie van Madrid) in 'n lugvaartuig te installeer.

Tipe Toestel en Installasie moet goedgekeur word.

195. Voordat 'n radio-verbindingstoestel, van watter tipe ook, hetsy net vir uitsaai of ook vir ontvangs, hetsy net vir ontvangs, geïnstalleer word in 'n lugvaartuig wat in die Unie ingeskryf is, moet 'n lisensie van die Posdepartement verkry word om so'n toestel in die lugvaartuig aan te bring. Die tipe toestel moet die goedkeuring van die posmeester-generaal wegdra, en die installasie (met inbegrip van elektriese aardgeleiding en afskerming) moet ooreenkomstig die vereistes wees wat die direkteur van burgerlike lugvaart stel.

Bediening van Radio.

196. Niemand mag die radio-telefoniese of die radio-telegrafiese uitsaaitoestel in 'n lugvaartuig bedien nie, tensy hy houer is van 'n lisensie wat deur die posmeester-generaal uitgereik is en hom geskik verklaar as radio-operateur.

Nuwe Lisensie by oorgang in eiendom.

197. Wanneer 'n lugvaartuig met radio-verbindingstoestel in eiendom van 'n ander oorgaan, moet die nuwe eienaar by die posmeester-generaal aansoek doen om 'n nuwe lisensie ten einde so'n toestel in die lugvaartuig aan te bring.

HOOFSTUK XIII.

LISENSIERING VAN PERSONEEL.

Wie Lisensies moet hê.

198. Behoudens die bepaalde by artikel 13 van hoofstuk II van hierdie regulasies, moet elke persoon wat as gesagvoerder, bestuurder, navigator, grondingenieur, of andersins as bedryfslid van die bemanning van 'n Unie-lugvaartuig optree, houer wees van 'n lisensie wat ten aansien van hom in die hoedanigheid waarin hy also optree, toegestaan of geldig gemaak is kragtens hierdie regulasies.

In hierdie hoofstuk beteken die woord „lisensie" ook „bewys van geskiktheid".

Wie Lisensies uitreik.

199. Die direkteur van burgerlike lugvaart, Verdedigingshoofkwartier, Pretoria, moet elke lisensie ingevolge die Wet of hierdie regulasies uitreik, verleng of geldig maak.

Klasse Lisensies.

200. (*a*) *Bestuurderslisensies.*—Daar is twee klasse bestuurderslisensies—

(i) *Klas A.*—Bestuurderslisensie ten aansien van partikuliere vliegtuie.
(ii) *Klas B.*—Bestuurderslisensie ten aansien van openbare verkeersvliegtuie en handelsvliegtuie.

(*b*) *Navigatorlisensies.*—Daar is twee klasse navigatorslisensies, t.w. eerste klas en tweede klas.

(*c*) *Grondingenieurslisensies.*—Daar is vyf kategorieë, t.w. A, B, C, D en X.

Geldigheidsduur.

201. Die geldigheidsduur van die verskillende lisensies is as volg:—

(*a*) Bestuurderslisensie klas A: Hoogstens 12 maande,
(*b*) Bestuurderslisensie klas B: Hoogstens 6 maande,

as die houer 'n man is. Vir vrouens is die uiterste geldigheidsduur van albei klasse 4 maande.

(*c*) Navigatorlisensie: Hoogstens 24 maande.
(*d*) Grondingenieurslisensie: Hoogstens 12 maande.

Eise by geldigheidsverlenging.

202. Wanneer die houer van 'n lisensie om verlenging van die geldigheid daarvan aansoek doen, kan aan hom al die eise of sommige wat asdan vir uitreiking van 'n lisensie van daardie klas geld, gestel word.

Ouderdomsgrense.

203. Aanvraers van lisensies moet binne die volgende ouderdomsgrense val:—

(*a*) Bestuurder klas A: Minstens 17 jaar.
(*b*) Bestuurder klas B: Minstens 19 en hoogstens 45 jaar.
(*c*) Navigator: Minstens 19 en hoogstens 50 jaar.
(*d*) Grondingenieur: Minstens 21 jaar.

Class "A" Pilot's Licence.

204. An applicant for the issue of a Class "A" Pilot's licence will be required to undergo the medical examination prescribed in Chapter XIV and the following practical tests and technical examinations:—

(1) *Practical Tests.*—In each practical test the candidate must be alone in the aeroplane.

Test for Altitude and Gliding Flight.

(*a*) A flight which shall finish with a glide. To carry out the glide the candidate must at a height of not less than 2,000 feet above the landing or alighting area either cut off or completely throttle down the engine or engines. The landing shall be made without re-starting the engine or engines, or without reopening the throttles, and within 150 yards of a point fixed by the examiner beforehand.

Tests of Skill.

(*b*) A flight without landing around two posts (or bouys) situated 500 yards apart, making a series of five figure-of-eight turns, each turn reaching one of the posts (or bouys). This flight shall be made at an altitude of not more than 600 feet above the ground (or water) without touching the ground (or water). The landing shall be effected by:—

(i) finally shutting off the engine at latest when the aeroplane touches the ground (or water);

(ii) finally stopping the aeroplane within a distance of 50 yards from a point fixed before commencing the flight.

(*c*) Execute a left and right-hand spin.

(2) *Technical Examination.*—

(*a*) Knowledge of rules as to lights and signals, general rules for air traffic, and special rules for air traffic on and in the vicinity of aerodromes open to public use.

(*b*) A practical knowledge of international air legislation.

S.A. Air Force and R.A.F. Pilots.

205. Persons who are qualified as South African Air Force or Royal Air Force pilots may be exempted from the practical tests.

Evidence of Solo Flying Time.

206. In addition, an applicant must produce evidence to the satisfaction of the Director of Civil Aviation that he has carried out not less than three hours' solo flying during the preceding twelve months.

Medical Examination before going Solo.

207. Any person undergoing flying instruction shall be required before flying solo to undergo the medical examination prescribed for Class "A" Pilots in Chapter XIV.

Types of Aeroplanes for which Licence granted.

208. A licence will be granted only for such types of aeroplanes as the applicant can produce evidence of his ability to fly.

Carriage of Non-paying Passengers.

209. (*a*) The holder of a Class "A" pilot's licence shall not be permitted to carry any passenger until such time as a certificate of competency has been submitted to the Director of Civil Aviation by a duly licensed Instructor and the pilot's licence endorsed accordingly.

Minimum Hours of Flying for Certificate.

(*b*) No such certificate shall be granted until the applicant has completed at least 30 hours' solo flying.

Renewal of Licence to Fly Solo.

210. An applicant for the renewal of a Class "A" pilot's licence will be required to undergo the medical examination prescribed in Chapter XIV and to produce evidence to the satisfaction of the Director of Civil Aviation that he has carried out not less than three hours' solo flying during the preceding twelve months.

Renewal of Licence to carry Non-paying Passengers.

211. An applicant for the renewal of a Class "A" pilot's licence which permits him to carry non-paying passengers must produce evidence to the satisfaction of the Director of Civil Aviation that he has carried out not less than 9 hours' solo flying during the preceding 12 months, at least 3 hours of which must have been completed during the 3 months immediately prior to the date of the application.

Class "B" Pilot's Licence.

212. An applicant for the issue of a Class "B" pilot's licence will be required to undergo the medical examination prescribed in Chapter XIV and the practical tests and technical examinations prescribed in paragraph 213 of this Chapter.

Bestuurderslisensie Klas A.

204. Om in aanmerking te kom vir verkryging van 'n bestuurderslisensie klas A sal die aanvraer die geneeskundige ondersoek voorgeskryf in hoofstuk XIV en die volgende praktiese proewe en tegniese eksamens moet deurmaak:—

(1) *Praktiese proewe.*—By elke praktiese proef moet die kandidaat alleen in die vliegtuig wees.

Proef vir hoogte- en glyvlug.

(*a*) 'n Vlug wat in 'n glyvlug moet eindig. Om die glyvlug uit te voer, moet die kandidaat op 'n hoogte van minstens 2,000 voet bo die landingsterrein of -vlak die motor of motore afsit of anders die petrolaanvoer geheel staak. Die landing moet volbring word sonder dat die motor of motore in werking gestel of die petrolaanvoer hervat word, en wel sodanig dat die vliegtuig tot staan kom binne 150 jaart van 'n punt wat die eksaminator tevore vasgestel het.

Behendigheidsproewe.

(*b*) 'n Vlug sonder landing, waarby om twee pale (of boeie) wat 500 jaart van mekaar af is 'n reeks van vyf om die beurt regse en linkse wendings in die vorm van die syfer 8 beskryf word. Die wendings behoort beurtelings om elk van die twee pale (of boeie) uitgevoer te word. Hierdie vlug moet verrig word op 'n hoogte van hoogstens 600 voet bo die grond (of water) sonder om die grond (of water) te raak. By uitvoering van die landing moet—

(i) die motor (of motore) vir goed afgesit word uiterlik op die oomblik waarop die vliegtuig die grond (of water) raak;

(ii) die vliegtuig tot stilstand gekom wees op 'n afstand van ten hoogste 50 jaart van 'n punt waarop voor die vlug ooreengekom is.

(*c*) Uitvoering van 'n spiraalvlug regsom en een linksom.

(2) *Tegniese Eksamen.*

(*a*) Kennis van reëls betreffende ligte en seine, algemene lugverkeersreëls en besondere reëls betreffende lugverkeer op of naby vliegparke vir openbare gebruik.

(*b*) Praktiese kennis van internasionale lugvaartwetgewing.

Bestuurders S.A.L.M. en R.A.F.

205. Gekwalifiseerde bestuurders van die Suid-Afrikaanse Lugmag of die *Royal Air Force* kan van die praktiese proewe vrygestel word.

Bewys van alleenvlug.

206. Bowendien moet 'n aanvraer ten genoeë van die direkteur van burgerlike lugvaart kan aantoon dat hy enige alleenvlugte waarvan die gesamentlike tydsduur ten minste drie uur moet bedra, verrig het in die afgelope twaalf maande.

Geneeskundige ondersoek voor alleenvlug.

207. Iedereen wat onderrig in die vliegkuns geniet, moet die geneeskundige ondersoek wat vir bestuurders klas A in hoofstuk XIV voorgeskryf word, deurmaak voordat hy 'n alleenvlug onderneem.

Tipes Vliegtuie waarvoor Lisensie geld.

208. 'n Lisensie word toegestaan net ten aansien van dié tipes vliegtuie wat die aanvraer volgens gelewerde bewys in staat is om te bestuur.

Vervoer van nie-betalende Passasiers.

209. (*a*) Die houer van 'n bestuurderslisensie klas A mag nie 'n passasier vervoer voordat 'n bewys van geskiktheid ten aansien van so'n houer deur 'n gelisensieërde instrukteur by die direkteur van burgerlike lugvaart ingedien en op die houer se lisensie daarvan aantekening gestel is nie.

Minimum alleenvlug.

(*b*) So'n bewys word nie toegestaan nie of die aanvraer moet eers 30 uur alleen gevlie het.

Verlenging van Lisensie met oog op alleenvlugte.

210. Om in aanmerking te kom vir verlenging van die termyn van geldigheid van 'n bestuurderslisensie klas A, sal die aanvraer die geneeskundige ondersoek voorgeskryf in hoofstuk XIV moet deurmaak en ten genoeë van die direkteur van burgerlike lugvaart moet aantoon dat hy enige alleenvlugte waarvan die gesamentlike tydsduur ten minste drie uur moet bedra, verrig het in die afgelope twaalf maande.

Verlenging van Lisensie met oog op vervoer van nie-betalende Passasiers.

211. Om in aanmerking te kom vir verlenging van die termyn van geldigheid van 'n bestuurderslisensie klas A wat die houer magtig om nie-betalende passasiers te vervoer, moet die aanvraer ten genoeë van die direkteur van burgerlike lugvaart aantoon dat hy enige alleenvlugte waarvan die gesamentlike tydsduur ten minste nege uur moet bedra, verrig het in die afgelope twaalf maande en dat ten minste drie uur uit hierdie nege binne die drie maande wat die aansoek voorafgaan, geval het.

Bestuurderslisensie klas B.

212. Om in aanmerking te kom vir verkryging van 'n bestuurderslisensie klas B, sal die aanvraer die geneeskundige ondersoek voorgeskryf in hoofstuk XIV en die praktiese proewe en tegniese eksamens voorgeskryf in artikel 213 van hierdie hoofstuk moet deurmaak.

213. (1) *Practical Tests.*—In each practical test, except as otherwise specified, the candidate must be alone in the aeroplane.

(*a*) The same tests as are required under paragraph 204 of this Chapter for a Class "A" pilot's licence. Candidates already in possession of the latter licence are not, however, required to pass these tests again.

(*b*) The candidate will also be required to satisfy the examiner that he can fly an aeroplane reliably and accurately.

(*c*) A cross-country or oversea flight of at least 200 miles with an examiner on board, and including three forced landings at points selected by the examiner.

(*d*) General flying for half an hour with the examiner on board, including five landings.

(*e*) Pass tests in flying by sole use of instruments.

(*f*) A cross-country or oversea flight of at least 200 miles, after which the final landing shall be made at the point of departure.

The whole of this flight shall be made in one aeroplane within eight hours. It shall include two obligatory landings, on inland aerodromes, at places other than the one from which the test commenced. The landing places are to be fixed in advance by the examiners and the aeroplane is to come to rest at each landing before resuming its flight.

At the time of departure the candidate shall be informed of his course and furnished with the appropriate map. The examiners will decide whether the course has been correctly followed.

(*g*) *Night Flight.*—A flight of one hour's duration made between two hours after sunset and two hours before sunrise at a height of at least 1,500 feet, including six landings.

(*h*) Send and receive by lamp in the morse code, a minimum of 8 words per minute.

(2) For the above practical tests the aeroplane will be provided by the candidate.

(3) *Technical Examination.*—This examination must refer particularly to the types of aeroplanes which the candidate desires to be authorised to pilot as well as to the types of engines with which such aeroplanes are equipped.

(*a*) *Aeroplanes:*

(i) Theoretical knowledge of the laws of the resistance of the air especially as concerns its effect on the main plane structure, tail units and airscrews; functions of the different parts of the aeroplanes and of their controls.

(ii) Assembling of aeroplanes and different parts.

(*b*) *Engines:*

(i) General knowledge of internal combustion engines, and their various functions, valve gear, carburation, ignition, exhaust.

(ii) Characteristics of aero engines and a general knowledge of their construction, adjustment and assembling.

(iii) Causes of the faulty running of engines. Fuel and oils. Description of the details of the aero engines used. Adjustments, lubrication, upkeep, dissembling, and assembling of the principal parts; causes of breakdown. Use of throttle and other controls.

(*c*) Knowledge of instruments prescribed for aeroplanes.

(*d*) Map reading, use of compass, location of position, and elementary meteorology.

(*e*) Knowledge of rules as to lights and signals, general rules for air traffic, and special rules for air traffic on and in the vicinity of aerodromes.

(*f*) Practical knowledge of the special conditions of air traffic and of international air legislation.

Provided that persons who are qualified as South African Air Force or Royal Air Force pilots may be exempted from the above tests and examination, except as regards the subjects of the examination specified in (*d*), (*e*) and (*f*).

Flying Experience.

214. In addition the applicant must produce evidence to the satisfaction of the Director of Civil Aviation that he has carried out at least 200 hours of flying as pilot in sole charge of an aeroplane, one-third of which must have consisted of cross-country flying, and to submit proof of recent flying experience on the class of aeroplane for which the licence is required.

Conditions Governing Practical Tests.

215. The practical tests specified in paragraph 213 shall be carried out within a maximum period of one month.

(*a*) They may be carried out in any order, and each may be attempted twice. They shall be witnessed by at least two properly accredited examiners who will hand over the official reports to the proper authorities.

(*b*) The official reports will give full details of the flights, especially of the landings. The candidates shall furnish, before each test, proof of identity, which the examiners have the right to demand.

(*c*) A barograph shall be carried on all practical tests, and the graph signed by the two examiners shall be attached to their report.

213. (1) *Praktiese proewe.*—Tensy anders vermeld, moet die kandidaat by elke praktiese proef alleen in die vliegtuig wees.

(*a*) Die proewe is dieselfde as dié wat in artikel 204 van hierdie hoofstuk vir 'n bestuurderslisensie klas A geëis word. As die kandidaat in die besit is van laasgenoemde lisensie hoef hy egter nie weer hierdie proewe deur te maak nie.

(*b*) Die kandidaat moet ten genoeë van die eksaminator aantoon dat hy 'n vliegtuig betroubaar en sekuur kan bestuur.

(*c*) 'n Lands- of seevlug van ten minste 200 myl met 'n eksaminator aan boord, waarby drie keer noodlandings gedoen word op plekke wat die eksaminator aanwys.

(*d*) 'n Halfuur rondvlie met die eksaminator aan boord, waarby vyf keer geland moet word.

(*e*) Bedrewenheid in die bestuur van vliegtuie uitsluitend met behulp van instrumente.

(*f*) 'n Lands- of seevlug van ten minste 200 myl, waarby die plek van opstyging tewens die plek van bestemming is.

Die hele vlug moet in dieselfde vliegtuig binne agt uur volbring wees, en omvat twee verpligte tussenlandings waarby die vliegtuig tot rus gekom moet wees. Hierdie tussenlandings mag nie geskied op die vliegpark van vertrek nie, maar op vliegparke binnenslands wat vooraf deur die eksaminatore vasgestel is.

Die kandidaat sal by sy vertrek deur die eksaminatore omtrent die reisroete ingelig en van die nodige kaart voorsien word. Die eksaminatore sal beoordeel of die roete juis gevolg is.

(*g*) *Nagvlug.*—'n Vlug wat een uur duur tussen twee uur na sononder en twee uur voor sonop op 'n hoogte van ten minste 1,500 voet, waarby ses keer geland moet word.

(*h*) Met die lamp in Morse-kode minstens 8 woorde in die minuut stuur en ontvang.

(2) Die kandidaat moet self sorg vir 'n vliegtuig as hy hom vir bostaande praktiese proewe aanmeld.

(3) *Tegniese eksamen.*—Hierdie eksamen moet veral betrekking hê op die tipes vliegtuie tot die bestuur waarvan die kandidaat die bevoegdheid wens te verkry, sowel as op die tipes motore wat in hierdie vliegtuie ingebou is.

(*a*) *Vliegtuie.*

(i) Teoretiese kennis betreffende die lugweerstand en veral die invloed daarvan op die draagvlakke, stertvlakke en lugskroewe; doel en werking van die verskillende dele van die vliegtuie en van die bestuursmiddels daarvan.

(ii) Montering van vliegtuie en onderdele.

(*b*) *Motore.*

(i) Algemene kennis van eksplosiemotore en van die werking van die samestellende dele; klepinrigting, vergassing, ontsteking, uitlaat.

(ii) Eienskappe van vliegtuigmotore; algemene kennis van bou, reëling en montering.

(iii) Kennis van motorstorings. Brandstof en olie. Beskrywing in besonderhede van die vliegtuigmotore in gebruik. Verstelling, smering, onderhoud, demontering en montering van die hoofdele; oorsake van kapotraking. Gebruik van petrolskuif en ander bestuursmiddels.

(*c*) Kennis van die instrumente wat vir vliegtuie voorgeskryf is.

(*d*) Gebruik van kaart en kompas; plekbepaling en elementêre meteorologie.

(*e*) Kennis van reëls betreffende ligte en seine, algemene lugverkeersreëls en besondere reëls betreffende lugverkeer op of naby vliegparke.

(*f*) Praktiese kennis van die besondere bepalings op lugverkeer en van internasionale lugvaartwetgewing.

Gekwalifiseerde bestuurders van die Suid-Afrikaanse Lugmag of die *Royal Air Force* kan egter van bostaande proewe en eksamen vrygestel word, behalwe wat betref die eksamenvakke onder (*d*), (*e*) en (*f*).

Ervaring as Vlieër.

214. Bowendien moet die aanvraer ten genoeë van die direkteur van burgerlike lugvaart aantoon dat hy ten minste 200 uur 'n vliegtuig geheel selfstandig bestuur het en dat van hierdie 200 uur een-derde gewy is aan landsvlugte. Daarby moet hy bewys lewer van onderhoue geoefendheid in die besturing van die klas vliegtuig ten aansien waarvan hy gelisensieer wens te word.

Voorwaardes betreffende praktiese proewe.

215. Die praktiese proewe bedoel by artikel 213 moet uiterlik binne 'n maand klaar uitgevoer wees.

(*a*) Die proewe kan in enige volgorde uitgevoer en elkeen kan twee keer aangedurf word. Minstens twee behoorlik aangestelde eksaminatore moet die proewe sien uitvoer. Hulle dien dan offisiële verslae in by die regte gesag.

(*b*) In die offisiële verslae moet volledige besonderhede opgegee word van die vlugte en veral van die landings. Voor elke proef moet die kandidaat op versoek van die eksaminatore 'n identiteitsbewys oorlê.

(*c*) 'n Barograaf moet by elke praktiese proef meegevoer word. Die grafiek moet die handtekening van die twee eksaminatore voer en aan hul verslag geheg word.

Types of Aeroplanes for which Licence granted.

216. A licence will be granted only for such types of aeroplanes as the applicant can produce evidence of his ability to fly. A licence may, however, be extended to cover further types on production of evidence of the holder's ability to fly those types.

Licence to Fly Twin or Multi-engined Aeroplanes.

217. A candidate who desires a licence permitting him to fly a type of aeroplane equipped with two or more engines will be required to undergo a practical test of his ability to fly and manoeuvre such an aeroplane with each engine in turn completely throttled down under varying load conditions.

Renewal of Licence.

218. An applicant for the renewal of a class "B" licence will be required to undergo the medical examination prescribed in paragraph 242 of Chapter XIV, and to produce proof of having flown for at least 6 hours solo within the preceding six months on the class of aeroplane for which the renewal is required.

Flying Instructors.

219. No person shall give practical instruction in flying unless he is a licensed instructor.

Renewal of Flying Instructor's Licence.

220. Licensed instructors who have not been regularly employed as such during the preceding twelve months, will not be permitted again to instruct in flying and the relative endorsement to their licences will lapse until they have been tested and passed by an authorised person.

Navigator's Licence.

221. A person applying for a licence to navigate aircraft will be required to—

(*a*) pass such medical examination as is prescribed in paragraph 242 of Chapter XIV;

(*b*) produce such proofs of competency as are prescribed in paragraphs 222 and 223 of this Chapter.

2nd Class Licence.

222. A candidate for a second class licence to navigate aircraft will be required to produce proofs of competency in the practice and theory of the subjects specified in Schedule A below. He will also be required to produce proof of having had at least two years' air experience, during which at least 300 hours must have been spent in the air.

1st Class Licence.

223. A candidate for a first class licence to navigate aircraft will be required to produce proofs of competency in the practice and theory of the subjects specified in Schedule B below. He will also be required to produce proof of having had at least four years' air experience during which at least 600 hours must have been spent in the air, not less than 100 hours of this being experience of navigation in the air of which not less than 15 hours shall have been obtained in connection with cross country flights made between two hours after sunset and two hours before sunrise.

In this paragraph the expression "air experience" means experience as an operative member of the crew of an aircraft.

SCHEDULE A.

Syllabus of Examination for 2nd Class Licence.

(i) Form of the earth, its divisions and their notation; mathematical calculation of the various elements by plane trigonometry to obtain course and distance.

(ii) Maps and charts, how to read and use them, practical properties of the common forms of projections.

(iii) Compasses, their construction, use, and adjustment; elementary principles of earth's magnetism.

(iv) Flight by dead reckoning; with the use of instruments for the measurement and calculation of the elements of the triangle of velocities.

(v) Navigation by radiogoniometry; methods of fixing the position of an aircraft, with the application of the necessary corrections.

(vi) International air legislation; regulations for the prevention of collision at sea; publications for the assistance of navigators.

(vii) Signalling; semaphore, flashing, and international code flags.

(viii) Meteorology; knowledge of meteorological elements and observations; arrangements for the issue of meteorological reports for aviation; principles of forecasting; construction and interpretation of synoptic charts; climatology.

SCHEDULE B.

Syllabus of Examination for 1st Class Licence in addition to Schedule A.

(i) Form of the earth: as in Schedule A (i) with the addition of mathematical calculation of various elements by spherical trigonometry (great circle courses and distances).

Tipes Vliegtuie ten aansien waarvan Lisensie toegestaan word.

216. 'n Lisensie word toegestaan net ten aansien van dié tipes vliegtuie wat die aanvraer volgens gelewerde bewys in staat is om te bestuur. By lewering van blyke dat die houer in staat is om ander tipes te bestuur, kan 'n lisensie egter ook op hierdie tipes van toepassing gemaak word.

Lisensie om Twee- of Meermotorige vliegtuie te bestuur.

217. Om in aanmerking te kom vir 'n lisensie om 'n tipe vliegtuig te bestuur waarin twee of meer motore ingebou is, sal die kandidaat 'n praktiese proef moet deurmaak om te bewys dat hy so'n vliegtuig kan bestuur en maneuvreer onder toestande waarby beurtelings een motor se petrolaanvoer gestaak en die lading elke keer anders is.

Verlenging van Lisensie.

218. Om in aanmerking te kom vir verlenging van die termyn van geldigheid van 'n bestuurderslisensie klas B, sal die aanvraer die geneeskundige ondersoek voorgeskryf in artikel 242 van hoofstuk XIV moet deurmaak en bewys dat hy binne die afgelope ses maande enige alleenvlugte van altesame minstens 6 uur duur verrig het met die klas vliegtuig waarop sy aansoek betrekking het.

Instrukteur-vlieërs.

219. Niemand mag praktiese onderrig in die vliegkuns gee nie of hy moet 'n gelisensieerde instrukteur wees.

Verlenging van Instrukteur-vlieër se Lisensie.

220. 'n Gelisensieerde instrukteur wat nie gereeld as sodanig werksaam was gedurende die afgelope twaalf maande nie, mag nie weer onderrig in die vliegkuns gee nie. Die aantekening in hierdie verband op sy lisensie verval dan en bly vervalle totdat hy weer beproef en goedgekeur is deur 'n gemagtigde persoon.

Navigatorslisensie.

221. Om in aanmerking te kom vir 'n lisensie as navigator van lugvaartuie moet die aanvraer—

(*a*) die geneeskundige ondersoek voorgeskryf in artikel 242 van hoofstuk XIV deurmaak;

(*b*) die blyke van geskiktheid vereis by artikels 222 en 223 van hierdie hoofstuk kan lewer.

Lisensie tweede klas.

222. Om in aanmerking te kom vir 'n navigatorslisensie tweede klas, moet die aanvraer blyke van geskiktheid lewer in praktyk en teorie van die vakke wat hieronder in Lys A uiteengesit word. Hy sal ook moet bewys dat hy oor minstens twee jaar lugbevarenheid beskik en dat hy in dié tyd ten minste 300 uur altesame in die lug was.

Lisensie 1ste klas.

223. Om in aanmerking te kom vir 'n navigatorslisensie eerste klas, moet die aanvraer blyke van geskiktheid lewer in praktyk en teorie van die vakke wat hieronder in Lys B uiteengesit word. Hy sal ook moet bewys dat hy oor minstens vier jaar lugbevarenheid beskik en dat hy in dié tyd ten minste 600 uur altesame in die lug was. Uit hierdie 600 uur moet minstens 100 bestee gewees het aan navigasie in die lug; en uit hierdie 100 moet weer ten minste 15 uur beslaan gewees het deur landsvlugte tussen twee uur na sononder en twee uur voor sonop.

In hierdie artikel beteken „lugbevarenheid" ervaring as bedryfslid van die bemanning van 'n lugvaartuig.

LYS A.

Sillabus van Eksamen vir Lisensie tweede klas.

(i) Vorm van die aarde: geografiese koördinate en hul aanduiding; berekening van koers en verheid met toepassing van die vlakke driehoeksmeting.

(ii) Land- en seekaarte: lees en gebruik daarvan; besonderhede van die verskillende kaartprojeksies gebruiklik in die lugvaart.

(iii) Kompasse: samestelling, gebruik en kompensasie; beginsels van die aardmagnetisme.

(iv) Gegiste bestek met gebruikmaking van instrumente vir die bepaling en berekening van die elemente van die snelheidsdriehoek.

(v) Navigasie met behulp van radio-goniometrie; maniere van bepaling van die plek van 'n lugvaartuig onder toepassing van die nodige korreksies.

(vi) Internasionale lugvaartwetgewing; regulasies ter voorkoming van aanvarings op see; gidse vir lugvarendes.

(vii) Seinwerk, semafoorseine, ligseine en die internasionale seinvlae.

(viii) Meteorologie; beginsels waarop die verskillende meteorologiese waarnemings berus; organisasie van die weerberigtediens vir die lugvaart; beginsels van die weersverwagting; samestelling en beoordeling van sinoptiese weerkaarte; klimaatkunde.

LYS B.

Sillabus van Eksamen vir Lisensie eerste klas, benewens A.

(i) Vorm van die aarde, soos vir sillabus A onder (i), met toevoeging van: berekening van grootsirkelkoers en -verheid met toepassing van die bolvormige driehoeksmeting.

(ii) Maps and charts; as in Schedule A (ii) with the addition of principles of construction of the common forms of projection.

(iii) Tides; elementary theory and prediction by the aid of tables.

(iv) Compasses; as in Schedule A (iii); more advanced knowledge.

(v) Flight by dead reckoning as in Schedule A (iv).

(vi) Navigation by radiogoniometry; as in Schedule A (v).

(vii) International Air Legislation, etc., as in Schedule A (vi).

(viii) Signalling; as in Schedule A (vii).

(ix) Astronomical navigation; various methods of fixing the position of an aircraft, with the use and care of tables, diagrams, and instruments for the solution of this problem; knowledge of the mathematics involved.

(x) Meteorology; as in Schedule A (viii); more advanced knowledge.

Ground Engineer's Licence.

224. A candidate may apply to be licensed as a ground engineer in any or all of the following categories:—

Categories of Licence.

A.—Inspection and maintenance of aircraft before flight.
B.—Inspection of aircraft after overhaul.
C.—Inspection and maintenance of aero engines before flight.
D.—Inspection of aero engines after overhaul.
X.—Other duties, as specified in the licence, which under these regulations are required to be performed by a licensed ground engineer.

Qualification for Licence.

225. In order to qualify for the issue of a ground engineer's licence, a candidate—

(*a*) must not be under 21 years of age;
(*b*) must pass an examination conducted by representatives of the Director of Civil Aviation; and
(*c*) must produce satisfactory proof of practical experience or knowledge in accordance with paragraphs 227, 228 and 229 of this Chapter.

Syllabus.

226. Syllabuses of the examinations for the various categories may be obtained on application to the Director of Civil Aviation, Defence Headquarters, Pretoria.

Practical Experience.

227. A candidate will be required to have had such practical experience as in the opinion of the Director of Civil Aviation will enable him to perform satisfactorily the duties for which the licence is required.

Categories "A" and "B".

228. For a licence in Category "A" and/or "B" an applicant will require to have had practical experience on aircraft maintenance and/or construction.

Categories "C" and "D".

229. For a licence in Category "C" and/or "D" an applicant will require to have had practical experience on aero engine maintenance and/or construction.

Experience Limited.

230. Where a candidate's experience or knowledge is limited to any particular type or types of aircraft or engine, a licence may be granted in respect of such type or types only.

Right to Inspect Work of Ground Engineers and to Cancel, Suspend, or Endorse Licences.

231. Aircraft, engines, etc., certified by licensed ground engineers, and work performed by them within the terms of their licences, will be periodically examined by an authorised person or persons. The Director of Civil Aviation shall have the right to cancel, suspend or endorse the licences of the ground engineers concerned should it appear to him after investigation as a result of the examination that such certification or work has not been carried out in a careful and competent manner.

232. The Director of Civil Aviation may cancel, suspend, or endorse the licence of a ground engineer who signs a certificate in a category or for any type of aircraft or engine for which he is not licensed.

233. The Director of Civil Aviation may, after due inquiry, cancel, suspend, or endorse the licence of a ground engineer in circumstances other than those specified in paragraphs 231 and 232.

Period of Validity of Ground Engineers' Licences.

234. Ground engineers' licences shall be valid for a period of twelve months, and will then be subject to renewal. The candidate may be re-examined for renewal of his licence if considered necessary.

(ii) Land- en seekaarte, soos vir sillabus A onder (ii), met toevoeging van: beginsels van die samestelling van die kaartprojeksies gebruiklik in die lugvaart.

(iii) Getye; elementêre teorie en voorspelling van die gety deur middel van getytafels.

(iv) Kompasleer, soos vir Sillabus A onder (iii), maar 'n meergevorderde kennis.

(v) Gegiste bestek, soos vir Sillabus A onder (iv).

(vi) Navigasie met behulp van radio-goniometrie, soos vir Sillabus A onder (v).

(vii) Internasionale lugvaartwetgewing, ens., soos vir Sillabus A onder (vi).

(viii) Seinwerk, soos vir Sillabus A onder (vii).

(ix) Astronomiese navigasie; bekendheid met die verskillende maniere van plekbepaling ten aansien van 'n lugvaartuig; die gebruik van tafels, diagramme en instrumente daarvoor; kennis van die maak van die nodige besyferings.

(x) Meteorologie, soos vir Sillabus A onder (viii), maar 'n meergevorderde kennis.

Grondingenieurslisensie.

224. 'n Kandidaat kan aansoek doen om as grondingenieur gelisensieer te word in een of verskeie van of al die onderstaande kategorieë:—

Kategorieë.

A.—Inspeksie en onderhoud van lugvaartuie voor vlugte.
B.—Inspeksie van lugvaartuie na nasiening.
C.—Inspeksie en onderhoud van vliegmotore voor vlugte.
D.—Inspeksie van vliegmotore na nasiening.
X.—Ander werksaamhede wat op die lisensie uiteengesit word en ingevolge hierdie regulasies van 'n gelisensieerde grondingenieur geëis word.

Eise.

225. Om in aanmerking te kom vir verkryging van 'n grondingenieurslisensie, moet die kandidaat—

(*a*) die leeftyd van 21 jaar bereik het;
(*b*) slaag in 'n eksamen afgeneem deur verteenwoordigers van die direkteur van burgerlike lugvaart; en
(*c*) oortuigend bewys dat hy oor die ervaring of kennis vereis by artikels 227, 228 en 229 van hierdie hoofstuk beskik.

Sillabus.

226. Die sillabusse van die eksamens vir die verskillende kategorieë is op aanvraag by die direkteur van burgerlike lugvaart, Verdedigingshoofkwartier, Pretoria, verkrygbaar.

Ervaring.

227. Van die kandidaat word geëis dat hy oor die ervaring beskik wat na mening van die direkteur van burgerlike lugvaart nodig is vir 'n bevredigende uitvoering van die taak waarvoor die lisensie aangevra word.

Kategorieë A en B.

228. Om in aanmerking te kom vir lisensie A en/of B, sal die aanvraer moet beskik oor ervaring van die onderhoud en/of bou van lugvaartuie.

Kategorieë C en D.

229. Om in aanmerking te kom vir lisensie C en/of D, sal die aanvraer moet beskik oor ervaring van die onderhoud en/of bou van vliegmotore.

Beperkte ervaring.

230. Wanneer die kandidaat se ervaring of kennis beperk is tot 'n sekere tipe of sekere tipes lugvaartuie of motore, kan 'n lisensie toegestaan word net ten aansien van hierdie tipe of tipes.

Inspeksie van Grondingenieur se werk en intrekking, ens., van sy Lisensie.

231. Lugvaartuie, motore, ens., ten aansien waarvan 'n gelisensieerde grondingenieur verklaring gegee en werk wat hy binne die bestek van sy lisensie uitgevoer het, moet periodiek deur 'n gemagtigde persoon of gemagtigde persone ondersoek word. Die direkteur van burgerlike lugvaart het die reg om die lisensie van die betrokke grondingenieur in te trek, te skors of aantekening daarop te stel as uit nasporing gedoen ten gevolge van die uitslag van so'n ondersoek blyk dat bedoelde verklaring of werk ágtelosig of afskeperig geskied het.

232. Die direkteur van burgerlike lugvaart kan die lisensie van 'n grondingenieur intrek, skors of aantekening daarop stel as laasgenoemde verklarings onderteken ten aansien van 'n kategorie of 'n tipe lugvaartuig of motor buite die bestek van sy lisensie.

233. Na behoorlike ondersoek kan die direkteur van burgerlike lugvaart die lisensie van 'n grondingenieur ook om ander redes as dié bedoel onder artikels 231 en 232 intrek, skors of aantekening daarop stel.

Geldigheidsduur: Grondingenieurslisensie.

234. Die termyn van geldigheid van 'n grondingenieurslisensie is twaalf maande, maar kan verleng word. Voordat so'n verlenging toegestaan word, kan die aanvraer weer beproef word indien nodig geag.

Other Licences.

235. Persons applying for a licence in any other capacity than those above specified must comply with such conditions as may be determined from time to time.

Validation of Foreign Licences.

236. When a licence has been granted by the duly competent authority in Great Britain or in any part of H.M. dominions or in any foreign State, and is for the time being in force, the Director of Civil Aviation may confer on such licence the same validity for the purpose of flying, navigating and inspecting Union aircraft as if it had been granted under these regulations.

CHAPTER XIV.

MEDICAL REQUIREMENTS FOR THE ISSUE OF LICENCES.

Class "A" Pilot's Licence.

237. Any person applying for the grant or renewal of a Class "A" pilot's licence will be required to undergo a medical examination by a duly qualified medical practitioner, who may be the applicant's usual medical attendant. Such examination shall be conducted in accordance with C.A. Form 19, and the original and duplicate copies of that form, completed as required shall be forwarded by the medical examiner to the Director of Medical Services, Civil Aviation Branch, Defence Department, Pretoria. Application for copies of this form should be made to the Director of Civil Aviation, Defence Headquarters, Pretoria.

238. The medical examination will be based upon the following requirements of mental and physical fitness:—

(*a*) Good family and personal history, with particular reference to nervous stability, as to which information shall be given in a statement made and signed by the applicant and satisfactory to the medical examiner.

(*b*) The applicant must not be under 17 years of age.

(*c*) General Surgical Examination.—The applicant must neither suffer from any wound or injury, nor have undergone any operation, nor possess any abnormality, congenital or acquired, which might interfere with the safe handling of aircraft under ordinary conditions.

(*d*) Palpation of the abdomen and abdominal viscera, particularly the pyloric, vesicular, duodenal and appendicular regions, whenever it reveals any swelling or distinct pain, must be completed by a radioscopic and radiographic examination.

(*e*) Any anatomical lesion in the walls of any part whatever of the digestive tube, any stricture of its calibre and calculus or foreign body, any peritoneal lesion, established by clinical or laboratory examinations, will entail rejection.

Exception may be made for spasmodic strictures not accompanied by other troubles, and for ptoses compensated by a good abdominal musculature.

Any surgical intervention in the biliary passages or the digestive tube, except appendicitis, involving a total or partial excision or a diversion of one of these organs shall entail rejection unless a period of two years has elapsed since the surgical intervention and the effects of the operation are not deemed liable to cause sudden incapacity in the air, or an attestation made by a surgeon having knowledge of the nature of the disease which necessitated the operation, certifies that no immediate or future consequences are to be feared.

(*f*) Diseases of the liver (including those of the biliary passages) and of the pancreas will in cases where it is deemed necessary be verified by laboratory examination, particularly by radiography as well as by an examination of the blood and of the urine, and will entail rejection only if they afford indication of the existence of a calculus, tumour or lesion involving a persistent impairment of function of these organs.

(*g*) General Medical Examination.—The applicant must not suffer from any disease or disability which renders him liable suddenly to become incompetent in the management of aircraft. He must possess heart, lungs, and nervous system in a state to withstand the effects of altitude. He must be free from kidney disease, and must not present any clinical sign of syphilis, nor have any cardiac lesion.

(*h*) Eye Examination.—The candidate must possess, with correction by glasses if necessary, a visual acuity equal to at least 80 per cent. of the normal (1) visual acuity, for each eye taken separately, or 90 per cent. for one eye and 70 per cent. for the other, the visual acuity being measured by means of standard test types powerfully illuminated in such a manner that the light does not shine directly into the eyes of the examinee. Binocular vision, ocular poise, the field of vision of each eye and colour perception, must be normal.

(*i*) Ear Examination.—The middle ear must be healthy. The applicant must possess an auditory acuity not less than that corresponding with the perception of the whispered voice at one metre. The vestibular mechanism must be intact and not hypersensitive. It must be equal on both sides.

Ander Lisensies.

235. Aanvraers van lisensies in ander hoedanighede as dié hierbo uiteengesit, moet hulle onderwerp aan die voorwaardes wat van tyd tot tyd vasgestel word.

Geldigmaking van Buitelandse Lisensies.

236. As 'n lisensie deur die bevoegde gesag in Groot-Brittanje of waar ook in die gebied van S.M., of in 'n vreemde staat, uitgereik en op die oomblik van krag is, kan die direkteur van burgerlike lugvaart aan so'n lisensie dieselfde geldigheid ten aansien van die bestuur, navigasie en inspeksie van Unie-lugvaartuie heg asof die lisensie kragtens hierdie regulasies uitgereik was.

HOOFSTUK XIV

EISE VAN LIGGAAMLIKE GESKIKTHEID VIR LISENSIES.

Bestuurderslisensie Klas A.

237. Om in aanmerking te kom vir verkryging van 'n bestuurderslisensie klas A of vir verlenging van die geldigheidstermyn daarvan, sal die aanvraer by 'n geneeskundige ondersoek uitgevoer deur 'n bevoegde geneeskundige praktisyn, wat die aanvraer se huisdokter kan wees, liggaamlik geskik bevind moet wees. Hierdie ondersoek moet per vorm C.A. 19 geskied. Origineel en duplikate van hierdie vorm moet behoorlik ingevul en deur die geneeskundige gestuur word aan die direkteur van die geneeskundige diens, tak burgerlike lugvaart, Verdedigingsdepartement, Pretoria. Aansoek om eksemplare van hierdie vorms geskied by die direkteur van burgerlike lugvaart, Verdedigingshoofkwartier, Pretoria.

238. By hierdie geneeskundige ondersoek word die volgende eise van geestelike en liggaamlike geskiktheid gestel:—

(*a*) Die aanvraer moet ten genoë van die geneeskundige 'n verklaring betreffende sy persoonlike anamnese en die van sy familie aflê, veral betreffende senuwee-vastheid, en hierdie verklaring met sy handtekening bekragtig.

(*b*) Die aanvraer moet die leeftyd van 17 jaar bereik het.

(*c*) *Algemeen chirurgiese ondersoek.*—Afwesigheid van verwonding of besering, of nagevolge van 'n operasie, of afwyking, hetsy geërf, hetsy verwerf, wat inbreuk kan maak op die veilige besturing van lugvaartuie onder gewone omstandighede.

(*d*) As by betasting van buik en buikorgane, veral in die uitgang-, vesikulêre, duodenale en blindedermstreke, swelling en duidelik voelbare pyn vasgestel word, moet die ondersoek radioskopies en radiografies voortgesit word.

(*e*) Elke anatomiese wandstoornis waar ook al in die verteerbuis, elke vernouing van kaliber daarvan, elke steen of vreemde liggaam en elke buikvliesstoornis, wat uit kliniese of laboratoriese ondersoek blyk, lei tot ongeskikverklaring.

Uitsondering kan gemaak word van krampvernouings wat nie met ander stoornisse gepaard gaan nie en van versakking wat vergoed word deur 'n origens goeie buikspierstelsel.

Elke chirurgiese ingryping in gal- of verteerbuis, behalwe die blindederm-aanhangsel, waardeur een van hierdie organe geheel of gedeeltelik uitgesny of in 'n ander koers gelei is, beteken ongeskikverklaring, tensy twee jaar verloop het na so 'n chirurgiese ingryping en dit onwaarskynlik geag word dat die nagevolge van die operasie kan lei tot plotselinge ongeskiktheid tot die bestuur van 'n lugvaartuig. Of anders moet 'n chirurg wat kennis dra van die aard van die siekte wat tot die operasie gelei het, verklaar dat geen nagevolge op die oomblik of vir die toekoms gevrees hoef te word nie.

(*f*) Lewerkwale (asook kwale van die galgang) en pankreaskwale moet, wanneer nodig geag, bevestig word deur laboratoriese ondersoek, veral deur radiografie sowel as deur ondersoek van bloed en urine. Hierdie kwale lei tot ongeskikverklaring net wanneer hulle dui op die aanwesigheid van stene, gewasse of kwetsuur waardeur hierdie organe funksioneel blywend belemmer word.

(*g*) Algemeen geneeskundige ondersoek. Afwesigheid van elke siekte of gebrek wat kan lei tot 'n plotselinge ongeskiktheid tot die bestuur van 'n lugvaartuig. Hart, longe en senuweegestel moet bestand wees teen die uitwerking van hoogte daarop. Afwesigheid van nierkwale en van elke kliniese teken van sifilis. Afwesigheid van sieklik gewysigde hartswerking.

(*h*) Ondersoek van die oë.—'n Gesigskerpte, met of sonder bril, van ten minste 80 persent van die normale skerpte (1) op elke oog, of 90 persent daarvan op een oog en 70 persent op die ander. Die gesigskerpte word gemeet met behulp van die standaard-drukletters vir oogtoetsing. Die letters moet sterk verlig wees, maar die lig moenie direk in die kandidaat se oë skyn nie. Binokulêre sig; afwesigheid van skeelheid; normale bliks- en gesigsveld en kleuronderskeidingsvermoë op elke oog.

(*i*) Ondersoek van die oor.—Die middeloor moet gesond wees. Gehoorskerpte wat fyn genoeg is om 'n fluisterstem op een meter afstand op te vang. Die vestibulêre apparaat moet ongeskaad en nie oorgevoelig wees nie. Dit moet weerskante gelyk wees.

(*j*) Nose, throat, and Mouth Examination.—The applicant must possess free tubal air entry on both sides.

Provided, however, that a person who does not satisfy the above requirements may, at the discretion of the Director of Medical Services be accepted as eligible for the issue of a licence, so far as medical requirements are concerned, if he has previously been found fit for flying.

239 In the event of illness involving incapacity for work during twenty days or more, or in the event of accident, the holder of a Class "A" Pilot's licence shall be re-examined in accordance with paragraph 238 and pronounced fit before resuming air duties.

Class "B" Pilot's Licence and Navigator's Licence.

240. In the following paragraphs 241 to 249 the word "licence" means a Class "B" pilot's licence or a navigator's licence.

241. A person applying for the grant or renewal of a licence will be required to undergo a medical examination conducted by specially qualified medical officers appointed by or acting under the authority of the Director of Medical Services, which examination will be based on the requirements set out in paragraph 242.

242. *Special Examination.*—This examination will be based on the following requirements of mental and physical fitness:—

(*a*) The applicant must have the complete use of his four limbs, must not be completely deprived of the use of either eye, and must be free from any active or latent, acute or chronic, medical or surgical, disability or infection. He must be free from any injury or wound which would entail any degree of functional incapacity which might interfere with the safe handling of aircraft at any altitude, even in the case of prolonged or difficult flight. He must be completely free from hernia, must not suffer from any detectable sensory lesion, and must be free from a history of morbid mental or nervous trouble.

(*b*) The applicant will be questioned concerning his family and personal history.

(*c*) *Examination of the Nervous System.*—The examination of the nervous system of the applicant shall comprise a full inquiry into family and personal history. The information obtained shall be given in a statement made and signed by the applicant and accompanied, if possible, by a certificate in regard especially to losses of consciousness, fits, and convulsions of all kinds, from the applicant's ordinary medical adviser or a responsible person who has known him for a long time. This statement and this certificate must be deemed satisfactory by the examining medical officer.

(i) The applicant must not present any mental or trophic impairment, pathological tremor, or presumptive evidence of latent epilepsy. Motility, sensibility, tendinous, cutaneous, and pupillary reflexes, co-ordination of movements and cerebellar functions, must be normal. An exception may be made for local peripheral trouble due to accidental section of a nerve branch.

(ii) Fractures of the cranium involving the internal table of the cranial box, even without apparent impairment, will entail temporary unfitness during a period of two years from the date of the fracture.

(iii) Any presumed nervous syphilis will entail rejection, unless the non-existence of such an impairment is proved by an examination of the blood and an examination of the cerebrospinal fluid, made with the consent of the applicant.

(*d*) Pilots of public transport or aerial work aircraft and navigators may not enter upon their duties before 19 or after 45 and 50 years of age, respectively.

(*e*) *General Surgical Examination.*—The applicant must neither suffer from any wound or injury, nor have undergone any operation, nor possess any abnormality, congenital or acquired, which might interfere with the safe handling of aircraft at any altitude, even in the case of prolonged or difficult flight.

(*f*) Palpation of the abdomen and abdominal viscera, particularly the pyloric, vesicular, duodenal and appendicular regions, whenever it reveals any swelling or distinct pain must be completed by a radioscopic and radiographic examination.

(*g*) Any anatomical lesion in the walls of any part whatever of the digestive tube, any stricture of its calibre, any calculus or foreign body, any peritoneal lesion, established by clinical or laboratory examinations, will entail rejection.

Exception may be made for spasmodic strictures not accompanied by other troubles, and for ptoses compensated by a good abdominal musculature.

(*j*) Ondersoek van neus, keel en mond.—Afwesigheid van elke belemmering in die neusasemhaling aan weerskante.

Iemand wat nie aan bostaande eise beantwoord nie, kan egter na oordeel van die direkteur van die geneeskundige diens, vir sover dit die liggaamlike eise betref, in aanmerking kom vir uitreiking van 'n lisensie as hy tevore daarvoor geskik bevind is.

239. Die houer van 'n bestuurderslisensie klas A moet na 'n siekte wat 'n arbeidsongeskiktheid van twintig dae of langer ten gevolge gehad het, of na 'n ongeval, weer ondersoek word ooreenkomstig artikel 238. Eers nadat hy vir geskik verklaar is, kan hy lugdiens hervat.

Bestuurderslisensie Klas „B" en Navigatorslisensie.

240. In artikels 241 tot en met 249 beteken die woord „lisensie" 'n bestuurderslisensie klas „B" of 'n navigatorslisensie.

241. Om in aanmerking te kom vir verkryging van 'n lisensie of vir verlenging van die geldigheidstermyn daarvan, sal die aanvraer by 'n geneeskundige ondersoek uitgevoer deur besonder bevoegde offisier-geneeskundiges wat deur die direkteur van die geneeskundige diens benoem word of op gesag van hom optree, liggaamlik geskik bevind moet wees. Hierdie ondersoek berus op die eise gestel in artikel 242.

242. *Spesiale ondersoek.*—By hierdie ondersoek word die volgende eise van geestelike en ligaamlike geskiktheid gestel:—

(*a*) Onbelemmerde funksie van die vier ledemate. Die kandidaat mag nie een oog geheel verloor het nie. Afwesigheid van aktiewe of latente, akute of chroniese, geneeskundige of chirurgiese gebrek of besmetting. Afwesigheid van besering of verwonding gepaard gaande met funksionele onvermoë wat kan inbreuk maak op die veilige besturing van lugvaartuie op elke hoogte, selfs by 'n langdurige of moeilike vlug. Afwesigheid van breuk en van merkbare stoornisse in die gevoelsin. Afwesigheid van sieklike geestelike of senuweekwale in die persoonlike anamnese.

(*b*) Die aanvraer moet ondervra word aangaande sy persoonlike anamnese en dié van sy familie.

(*c*) *Ondersoek van die senuweestelsel.*—Hierby word deurtastend navraag gedoen na die persoonlike anamnese en dié van die kandidaat se familie. Die uitkomste van hierdie ondersoek moet beliggaam word in 'n verklaring wat die aanvraer doen en met sy handtekening bekragtig. As dit moontlik is, moet hierdie verklaring vergesel gaan van 'n verklaring deur die aanvraer se huisdokter of 'n verantwoordelike persoon wat die aanvraer lank ken. Laasgenoemde verklaring moet veral uitsluitsel gee oor bewussynstoornisse, toevalle, stuipe en trekkings van alle soorte. Hierdie twee verklarings moet ten genoeë van die diensdoende offisier-geneeskundige uitval.

(i) Afwesigheid van elke geestelike of trofiese belemmering, patologiese bewing of vermoede op latente vallende-siekte. Normale motiliteit en gevoelsin. Normale pees-, huid- en pupilrefleksе. Harmonie tussen bewegings en serebellêre funksies. Uitsondering kan gemaak word van plaaslike perifere stoornis te wyte aan deursnyding van 'n senuweetak per ongeluk.

(ii) Skedelbreuk waardeur die binnetafel van die skedelkas betrokke geraak het, al is dit ook sonder merkbare kwetsuur, bring tydelike ongeskiktheid van twee jaar mee, gereken van die dag waarop die breuk opgedoen is.

(iii) Elke vermoede op senuwee-sifililis lei tot ongeskikverklaring, tensy met toestemming van die aanvraer die afwesigheid van so 'n belemmering bewys word uit ondersoek van die bloed en die serebrospinale vog.

(*d*) Bestuurders van openbare verkeers- of handelslugvaartuie en navigators mag nie as sodanig fungeer voor hulle die leeftyd van 19 of nadat hulle onderskeidelik die leeftyd van 45 en 50 jaar bereik het nie.

(*e*) *Algemeen chirurgiese ondersoek.*—Afwesigheid van verwonding of besering, of nagevolge van 'n operasie, of afwyking, hetsy geërf, hetsy verwerf, wat inbreuk kan maak op die veilige besturing van lugvaartuie op elke hoogte, selfs by 'n langdurige of moeilike vlug.

(*f*) As by betasting van buik en buikorgane, veral in die uitgang-, vesikulêre, duodenale en blindedermstreke, swelling en duidelik voelbare pyn vasgestel word, moet die ondersoek radioskopies en radiografies voortgesit word.

(*g*) Elke anatomiese wandstoornis waar ook al in die verteerbuis, elke vernouing van kaliber daarvan, elke steen of vreemde liggaam en elke buikvliesstoornis, wat uit kliniese of laboratoriese ondersoek blyk, lei tot ongeskikverklaring.

Uitsondering kan gemaak word van krampvernouings wat nie met ander stoornisse gepaard gaan nie en van versakking wat vergoed word deur 'n origens goeie buikspierstelsel.

Any surgical intervention in the biliary passages or the digestive tube, except appendicitis, involving a total or partial excision or a diversion of one of these organs, shall entail rejection unless a period of two years has elapsed since the surgical intervention and the effects of the operation are not deemed liable to cause sudden incapacity in the air, or an attestation made by a surgeon having knowledge of the nature of the disease, which necessitated the operation, certifies that no immediate or future consequences are to be feared.

(*h*) Diseases of the liver (including those of the biliary passages) and of the pancreas will in cases where it is deemed necessary be verified by laboratory examination, particularly by radiography as well as by an examination of the blood and of the urine, and will entail rejection only if they afford indication of the existence of a calculus, tumour or lesion involving a persistent impairment of function of these organs.

(*i*) *General Medical Examination.*—The applicant must not suffer from any disease or disability which renders him liable suddenly to become incompetent in the management of aircraft. His muscular power must be adequate for the handling of the types of aircraft he will have to pilot or the apparatus he is to use.

(i) He must not have any signs of aneurism of the large arterial trunks, nor have any cardiac lesion, even if well compensated; the heart must be normal, with normal function, and only respiratory arrhythmia, increase of pulse rate from excitement or exercise, and a general slow pulse not associated with auriculo-ventricular dissociation will be allowed.

(ii) The applicant must not suffer from any acute disability of the lungs, nor possess any cicatricial lesion of the lungs, and must be free from tuberculosis capable of being diagnosed by the usual clinical methods, from tracheo-bronchial disease of the glands and from pulmonary emphysema, even if slight. In addition, each examination shall include a radioscopy record in doubtful clinical cases.

(iii) The applicant must not present any signs of organic disease of the kidneys; these latter must be insensitive to palpation and of normal size. Renal ptosis will entail rejection. The urine must not contain any pathological element. Affections of the urinary passages and of the genital organs, even blennorrhoea, may entail temporary or definite unfitness.

Applicants of the female sex must present a normal uterus and appendages. Cases in which surgical intervention has taken place will be considered individually. Any presumed pregnancy will entail rejection.

The applicant must not present any clinical signs of syphilis.

(iv) Dysentery shall be considered as an acute disease; provided that a presumption of dysenteric infection shall entail rejection unless the medical examiner considers that the clinical phenomena have disappeared.

(*j*) *Eye Examination.*—The candidate must possess a degree of visual acuity compatible with the efficient performance of his duties. Binocular vision, ocular poise, the field of vision of each eye and colour perception, must be normal. Pilots must possess, without correction by glasses, visual acuity equal to at least 80 per cent. of the normal (1) visual acuity for each eye taken separately, or 90 per cent. for one eye and 70 per cent. for the other, the visual acuity being measured by means of standard test types powerfully illuminated in such a manner that the light does not shine directly in the eyes of the examinee. Navigators must possess the same visual acuity, but with correction by glasses if necessary.

(*k*) *Ear Examination.*—The middle ear must be healthy. The applicant must possess an auditory acuity not less than that corresponding with the normal perception of the tuning forks C (1) 64 vibrations per second, C (3) 256 vibrations per second, and C (7) 4,096 vibrations per second, the forks being held perpendicularly to the ground one centimetre from the auditory tube. The vestibular mechanism must be intact and not hypersensitive; it must be equal on both sides.

(*l*) *Nose, Throat and Mouth Examination.*—The applicant must possess free nasal and tubal air entry on both sides and must not suffer from serious, acute or chronic affections of the buccal cavity or upper respiratory tract.

243. If the person applying for the renewal is temporarily resident in a region distant from official medical centres, the periodical examination which he should normally pass under the conditions of paragraph 242 may exceptionally, at the discretion of the Director of Medical Services, be deferred twice for consecutive periods of three months each, on condition that he obtains locally on each occasion a satisfactory medical certificate after having been examined by a qualified medical officer.

Elke chirurgiese ingryping in gal- of verteerbuis, behalwe die blindederm-aanhangsel, waardeur een van hierdie organe geheel of gedeeltelik uitgesny of in 'n ander koers gelei is, beteken ongeskikverklaring, tensy twee jaar verloop het na so 'n chirurgiese ingryping en dit onwaarskynlik geag word dat die nagevolge van die operasie kan lei tot plotselinge ongeskiktheid tot die bestuur van 'n lugvaartuig. Of anders moet 'n chirurg wat kennis dra van die aard van die siekte wat tot die operasie gelei het, verklaar dat geen nagevolge op die oomblik of vir die toekoms gevrees hoef te word nie.

(*h*) Lewerkwale (asook kwale van die galgang) en pankreaskwale moet, wanneer nodig geag, bevestig word deur laboratoriese ondersoek, veral deur radiografie sowel as deur ondersoek van bloed en urine. Hierdie kwale lei tot ongeskikverklaring net wanneer hulle dui op die aanwesigheid van stene, gewasse of kwetsuur waardeur hierdie organe funksioneel blywend belemmer word.

(*i*) *Algemeen geneeskundige ondersoek.*—Afwesigheid van elke siekte of gebrek wat kan lei tot 'n plotselinge ongeskiktheid tot die bestuur van 'n lugvaartuig. Spierontwikkeling moet voldoende wees vir die tipes lugvaartuie wat bestuur of die apparaat wat gebruik sal moet word.

(i) Afwesigheid van alle tekens van breuk in die groot slagare en van sieklik gewysigde hartswerking al bestaan daarvoor ook vergoeding. Die hart moet normaal wees en normaal funqeer. Net asemaritmie, verhoogde polsslag weens opwinding of beweging en 'n stadige pols wat gewoonlik so is, maar nie weens atrio-ventrikulêre afskeiding nie, sal nie tot ongeskikverklaring lei nie.

(ii) Afwesigheid van akute longswakte of van sieklike wondlittekens in die longe. Afwesigheid van tuberkulose wat deur middel van gewone kliniese toetse gediagnoseer kan word. Afwesigheid van gorrel- en lugpypkwale van die kliere, en van longemfiseem selfs in ligte graad. Daarby moet in elke geval waarin die kliniese uitslag twyfelagtig is tewens 'n radioskopiese ondersoek gehou word.

(iii) Afwesigheid van alle tekens van organiese nierkwale. Die niere moet ongevoelig wees teen betasting en van normale grootte. Nierversakking lei tot ongeskikverklaring. Afwesigheid van iets patologies in die urine. Aandoenings van die urine-weë en van die geslagsorgane, selfs slymetterige katar, kan lei tot tydelike of permanente ongeskiktheid. By vroulike kandidate mag uterus en adnexa geen afwykings vertoon nie. Die gevalle waarin chirurgies ingegryp is, word elk op sigself beoordeel. Elke vermoede op swangerskap lei tot ongeskikverklaring. Afwesigheid van kliniese tekens van sifilis.

(iv) Disenterie word as akute siekte beskou. 'n Vermoede op disinteriese besmetting lei egter tot ongeskikverklaring, tensy die geneeskundige reken dat die kliniese tekens daarvan verdwyn het.

(*j*) *Ondersoek van die oë.*—Die kandidaat se gesigskerpte moet voldoende wees om sy taak as vlieër bevredigend te verrig. Binokulêre sig; afwesigheid van skeelheid; normale bliks- en gesigsveld en kleuronderskeidingsvermoë op elke oog. Bestuurders moet 'n gesigskerpte, sonder bril, van ten minste 80 persent van die normale skerpte (1) op elke oog hê, of 90 persent daarvan op een oog en 70 persent op die ander. Die gesigskerpte word gemeet met behulp van die standaard-drukletters vir oogtoetsing. Die letters moet sterk verlig wees, maar die lig moenie direk in die kandidaat se oë skyn nie. Vir navigators ge'd dieselfde eise van gesigskerpte, egter met aanwending van 'n bril as dit nodig is.

(*k*) *Ondersoek van die oor.*—Die middeloor moet gesond wees. Gehoorskerpte wat minstens fyn genoeg is vir waarneming van die geluid van die stemvurke C (1) teen 64 trillings per sekonde, C (3) teen 256 trillings per sekonde en C (7) teen 4,096 trillings per sekonde, waarby die vurke loodreg op die grond een sentimeter van die gehoorgang af gehou word. Die vestibulêre apparaat moet ongeskaad en nie oorgevoelig wees nie. Dit moet weerskante gelyk wees.

(*l*) *Ondersoek van neus, keel en mond.*—Afwesigheid van elke belemmering in die neusasemhaling aan weerskante en van ernstige akute of chroniese aandoenings van die wangholte of boonste asemhalingsgang.

243. As die aanvraer om verlenging van die geldigheidstermyn van 'n lisensie tydelik in 'n streek woon wat ver verwyderd is van die standplaas van 'n offisiële geneeskundige, kan die periodieke ondersoek wat hy na regte moes deurmaak ingevolge artikel 242, by wyse van uitsondering nà oordeel van die direkteur van die geneeskundige diens twee keer agtermekaar uitgestel word, en wel vir drie maande elke keer, onder die voorwaarde dat 'n bevoegde geneeskundige ter plase die aanvraer elke keer ondersoek en 'n bevredigende verklaring daaromtrent afgee.

244. A person who holds a Class "A" Pilot's licence, or who is otherwise recognised as qualified to pilot aircraft, may, at the discretion of the Director of Medical Services be accepted as eligible, so far as medical requirements are concerned, for the issue of a Class "B" Pilot's licence, provided (*a*) that there is not detected in him a pathological defect capable of causing a sudden disability, and (*b*) that he can produce proof that since his last medical examination he has not ceased to carry out in a satisfactory manner the functions of pilot and has accomplished a total of at least 200 hours of flight within the two years last preceding.

245. An applicant who satisfies the medical requirements will receive a medical certificate of acceptance, which must be produced before the licence can be granted or renewed.

246. In order to ensure the maintenance of efficiency, every holder of a licence shall be re-examined and pronounced fit before resuming air duties:—

(*a*) Whenever he has performed a total of 125 hours' flying in the capacity of pilot within any period of 30 consecutive days since his last medical examination under these regulations.

(*b*) After illness involving incapacity for work during 10 days or more, or after an accident.

247. The date and result of each re-examination, whether for the purpose of renewal of the licence or in consequence of illness or accident, will be recorded on the licence.

248. A holder of a licence who is able to produce proof that since his last medical examination he has not ceased to perform his duties in a satisfactory manner and that he has accomplished a total of at least 200 hours of flight within the two years last preceding may, at the discretion of the Director of Medical Services continue to be licensed so long as his physical capacities as ascertained at his last medical examination are sufficiently maintained, unless there be detected in him a pathological defect capable of causing a sudden disability.

Further Medical Examinations.

249. Holders of licences may be required from time to time to undergo further medical examinations carried out under arrangements approved by the Director of Medical Services.

CHAPTER XV.

FEES.

250. The following fees shall be charged for the Issue, Renewal, or Validation of Certificates and Licences and for the examination of personnel:—

(*a*) Aeroplanes:

(i) Certificate of Registration	£1 1 0
(ii) Validation or renewal of Certificate of Airworthiness	1 1 0

(*b*) Personnel:

Issue of Licence.

(i) Where the application is for the issue of a licence:

Nature of Licence.	For Medical Examination.	For Technical Examination.	For Flying Test.	For Licence.
	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
Navigator, 2nd Class.....	1 1 0	4 4 0	—	0 10 0
Navigator, 1st Class.....	1 1 0	7 7 0	—	0 10 0
Ground Engineer.....	—	0 10 0	—	0 10 0
Pilot.....	1 1 0	0 10 0	1 1 0	0 10 0

Renewal of Licence.

(ii) Where the application is for the renewal of a licence:

Nature of Licence.	For Medical Examination.	For Technical Examination (if required).	For Flying Test (if required).	For Renewal of Licence.
	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
Navigator.....	0 10 6	—	—	0 5 0
Ground Engineer.....	—	0 10 0	—	0 5 0
Pilot.....	0 10 6	0 10 0	1 1 0	0 5 0

Technical Examination.

(iii) A fee of 10s. will be charged for any technical examination required for the issue, renewal or endorsement of a licence.

Validation of Licence.

251. The fee chargeable for the validation of a licence granted by the duly competent authority in Great Britain or in any part of His Majesty's dominions, or in a foreign State, to a navigator, ground engineer, or pilot shall be 5s. 0d.

244. Die houer van 'n bestuurderslisensie klas A, of iemand wat andersins geskik geag word om 'n lugvaartuig te bestuur, kan na oordeel van die direkteur van die geneeskundige diens, vir sover dit die liggaamlike eise betref, in aanmerking kom vir uitreiking van 'n bestuurderslisensie klas B, mits (*a*) hy hom geen patologiese gebrek ontdek word wat tot plotselinge ongeskiktheid kan lei nie en (*b*) hy kan bewys dat hy, sedert hy laas geneeskundig ondersoek is, by voortduring op bevredigende wyse sy taak as vlieër vervul en gedurende die jongs afgelope twee jaar altesame minstens 200 uur gevlie het.

245. 'n Aanvraer wat aan die liggaamlike eise voldoen, ontvang 'n geneeskundige bewys van geskikverklaring. Hierdie bewys moet oorgelê word voordat 'n lisensie toegestaan of die geldigheidstermyn daarvan verleng kan word.

246. Ten einde voortdurende geskiktheid te verseker, moet elke houer van 'n lisensie voor hervatting van lugdiens herondersoek en vir geskik verklaar word—

(*a*) elke keer nadat hy in die hoedanigheid van bestuurder altesame 125 uur binne 30 opvolgende dae gevlie het sedert sy jongste geneeskundige ondersoek ingevolge hierdie regulasies;

(*b*) na siekte wat 'n arbeidsongeskiktheid van 10 dae of langer tot gevolg gehad het, of na 'n ongeval.

247. Datum en uitslag van elke herondersoek moet op die lisensie aangeteken word, onverskillig of so 'n ondersoek met die oog op verlenging van die geldigheidstermyn van die lisensie of ten gevolge van siekte of ongeval geskied het.

248. 'n Lisensiehouer wat kan bewys dat hy, sedert hy laas geneeskundig ondersoek is, by voortduring op bevredigende wyse sy taak vervul en gedurende die jongs afgelope twee jaar altesame minstens 200 uur gevlie het, kan na oordeel van die direkteur van die geneeskundige diens gelisensieer bly vir solank sy liggaamlike toestand, soos vasgestel by die jongste geneeskundige ondersoek, op 'n bevredigende peil gehandhaaf word, tensy by hom 'n patologiese gebrek ontdek word wat tot plotselinge ongeskiktheid kan lei.

Verdere Geneeskundige Ondersoek.

249. Houers van lisensies sal van tyd tot tyd verdere geneeskundige ondersoeke, wat met goedkeuring van die direkteur van die geneeskundige diens gereël word, moet deurmaak.

HOOFSTUK XV.

GELDE.

250. Onderstaande gelde word ten aansien van bewyse en lisensies vir uitreiking, geldigmaking en verlenging van die geldigheidstermyn daarvan en ten aansien van toesig op die personeel gehef:—

(*a*) Vliegtuie:

(i) Bewys van inskrywing	£1 1 0
(ii) Geldigmaking van lugwaardigheidsbewys of verlenging van geldigheidstermyn daarvan	1 1 0

(*b*) Personeel:

Uitreiking van Lisensie.

(i) By aansoek om uitreiking van 'n lisensie:

Soort lisensie.	Vir geneeskundige ondersoek.	Vir tegniese eksamen.	Vir vliegproef.	Vir lisensie.
	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
Navigator 2de klas.....	1 1 0	4 4 0	—	0 10 0
Navigator 1ste klas.....	1 1 0	7 7 0	—	0 10 0
Grondingenieur.....	—	0 10 0	—	0 10 0
Bestuurder.....	1 1 0	0 10 0	1 1 0	0 10 0

Verlenging van Geldigheid.

(ii) By aansoek om verlenging van 'n lisensie se geldigheidstermyn:

Soort lisensie.	Vir geneeskundige ondersoek.	Vir tegniese eksamen (indien nodig).	Vir vliegproef (indien nodig).	Vir verlenging van geldigheid.
	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
Navigators.....	0 10 6	—	—	0 5 0
Grondingenieur.....	—	0 10 0	—	0 5 0
Bestuurder.....	0 10 6	0 10 0	1 1 0	0 5 0

Tegniese Eksamen.

(iii) Vir elke tegniese eksamen nodig vir uitreiking van 'n lisensie, verlenging van die geldigheidstermyn daarvan of stelling van 'n aantekening daarop word 10s. gehef.

Geldigmaking van 'n Lisensie.

251. Vir geldigmaking van 'n lisensie wat deur die bevoegde gesag in Groot-Brittanje of waar ook al in Sy Majesteit se gebied of in 'n vreemde staat toegestaan is aan 'n navigator, grondingenieur of bestuurder word 5s. gehef.

Further Medical Examination.

252. The fee chargeable for any such further medical examination as may be required under paragraph 249 of Chapter XIV of these regulations shall be 10s. 6d.

Aerodromes.

253. No fee shall be chargeable in respect of the issue or renewal of a licence for an aerodrome, but reasonable travelling and subsistence expenses in accordance with the scales laid down by the Public Service Regulations, incurred by any person duly authorized to inspect and report on any site for use as an aerodrome, may be recoverable from the applicant for the licence, notwithstanding that such site may prove to be unsuitable.

Temporary Aerodromes.

254. A fee of 2s. 6d. shall be charged for the issue of authority for the use of an unlicensed aerodrome by aeroplanes flying for hire or reward.

Duplicate Certificate.

255. A fee of 5s. shall be charged for the issue of a duplicate certificate or licence of any kind when the original is lost or destroyed.

Application for Certificate or Licence to be Accompanied by Remittance.

256. An application for any certificate or licence or for the renewal or endorsement of any certificate or licence shall be accompanied by a remittance by crossed cheque or postal order made payable to the Director of Civil Aviation, to cover the prescribed fees for the issue, renewal, or endorsement as the case may be, but when in any case a certificate or licence is not issued, renewed, or endorsed, the Director of Civil Aviation may refund to the applicant such proportion of the sum paid as represents any investigation, calculation, inspection, test, or examination which has not been carried out as a result of the application.

CHAPTER XVI.

PROHIBITED AREAS.

257. The undermentioned areas are declared prohibited areas, and civil aircraft are forbidden to fly over them:—

Cape Explosive Works, Somerset West.

(*a*) The area bounded on the north by the railway line to Capetown, on the south by the beach, on the west by a line drawn from Firgrove Station to the mouth of the Eerste River, and on the east by a line running north and south from the railway line to the beach and passing the eastern edge of Paardevlei.

Modderfontein, Transvaal, Dynamite Factory.

(*b*) The area within a radius of three miles drawn from the centre of the factory, which is situated about half-way between the Johannesburg-Pretoria main road and the Johannesburg-Pretoria railway line. The northern boundary of the factory lies approximately in line with Kaalfontein Station; the southern boundary 1½ miles south of Kempton Park Station; the western boundary 2¼ miles from the Johannesburg road; and the eastern boundary 2½ miles from the railway line.

Iron and Steel Works, Pretoria.

(*c*) The area within a radius of one mile from the centre of the Iron and Steel Works, situated approximately 3.8 miles west-south-west of the centre of Pretoria, and 1.7 miles north-west of Roberts Heights.

CHAPTER XVII.

CUSTOMS.

CUSTOMS RULES AS TO AIRCRAFT ARRIVING IN OR DEPARTING FROM THE UNION.

Preliminary.

Interpretation.

258. For the purpose of this Chapter—

"importer" has the same meaning as in the Customs Management Act, 1913;

"Commissioner" means Commissioner of Customs and Excise or any officer for the time being lawfully acting in that capacity;

"examination station" means a space at a customs aerodrome approved by the Commissioner as an examination station;

"pilot" includes person in charge of an aircraft.

Other expressions have the same meaning as in the general provisions of these regulations.

Verdere Geneeskundige Ondersoek.

252. Vir elke verdere geneeskundige ondersoek bedoel by artikel 249 van hoofstuk XIV van hierdie regulasies word 10s. 6d. gehef.

Vliegparke.

253. Ten aansien van die uitreiking van 'n lisensie of van verlenging van die geldigheidstermyn van so'n lisensie ten opsigte van 'n vliegpark word niks gehef nie, maar alle redelike reis- en verblyfkoste aangegaan deur iemand wat behoorlik gemagtig is om 'n terrein vir gebruik as vliegpark te inspekteer en daaroor rapport uit te bring, kan op die aanvraer van die lisensie, volgens die tarief vervat in die Staatsdiensregulasies, verhaal word, al blyk dit ook dat die terrein vir die doel ongeskik is.

Tydelike Vliegparke.

254. Vir uitreiking van magtiging dat vliegtuie wat om huur of beloning in bedryf is, gebruik mag maak van 'n ongelisensieerde vliegpark word 2s. 6d. gehef.

Duplikaat-bewys.

255. As by verlies of vernietiging van die origineel van 'n bewys of lisensie 'n duplikaat uitgereik moet word, word 5s. daarvoor gehef.

Geld Saamstuur by Aansoek om Bewys of Lisensie.

256. By elke aansoek om uitreiking van 'n bewys of lisensie, of om verlenging van die geldigheidstermyn daarvan, of om stelling van 'n aantekening daarop, moet die geld per gekruiste tjek of posorder, uitgemaak aan die direkteur van burgerlike lugvaart, saamgestuur word ter vereffening van die bedrag wat vir so'n uitreiking, verlenging of aantekening, al na die geval, voorgeskryf is. Wanneer die lisensie of bewys dan nie uitgereik, of die geldigheidstermyn daarvan nie verleng, of die aantekening daarop nie gestel word nie, kan die direkteur van burgerlike lugvaart die gedeelte van die bedrag ten aansien van die nasporing, berekening, inspeksie, proef, ondersoek of eksamen wat nie volgens die aansoek plaasgevind het nie, aan die aanvraer terugbetaal.

HOOFSTUK XVI.

VERBODE GEBIEDE.

257. Ondergenoemde streke is tot verbode gebied verklaar, en burgerlike lugvaartuie mag nie daaroor vlieg nie.

„*Cape Explosives Works*", *Somerset-Wes.*

(*a*) Die gebied begrens aan die noorde deur die spoorweg na Kaapstad, aan die suide deur die strand, aan die weste deur 'n lyn van Firgrovestasie na die mond van die Eersterivier, en aan die ooste deur 'n lyn van die spoorweg af in suidelike rigting na die strand, verby die oostelike rand van Paardevlei.

Dinamietfabriek, Modderfontein, Transvaal.

(*b*) Die gebied binne 'n sirkel met straal van drie myl en middelpunt in die middel van die fabriek, wat ongeveer halfpad tussen die grootpad Johannesburg-Pretoria en die spoorweg Johannesburg-Pretoria geleë is. Die noordelike grens van die fabriek is naasteby op een lyn met Kaalfonteinstasie; die suidelike grens, 1½ myl suid van Kemptonparkstasie; die westelike grens, 2¼ myl van die pad na Johannesburg; en die oostelike grens, 2½ myl van die spoorweg.

Yster- en Staalfabriek, Pretoria.

(*c*) Die gebied binne 'n sirkel met straal van een myl en middelpunt in die middel van die Yster- en Staalfabriek, wat ongeveer 3.8 myl wes-suid-wes uit die middel van Pretoria en 1.7 myl noord-wes van Robertshoogte geleë is.

HOOFSTUK XVII.

DOEANE.

DOEANE-REËLS OP LUGVAARTUIE WAT DIE UNIE BINNEKOM OF DAARUIT VERTREK.

Inleiding.

Uitleg van Woorde.

258. In hierdie hoofstuk het die woord—

„invoerder" dieselfde betekenis as wat in die „Wet op het Beheer van de Doeane, 1913", daaraan geheg word;

„kommissaris" die betekenis van kommissaris van doeane en aksyns of van 'n beampte wat asdan wettiglik in daardie hoedanigheid fungeer;

„visenteerpos" die betekenis van 'n ruimte wat by 'n doeane-vliegpark vir daardie doel goedgekeur is deur die kommissaris;

„bestuurder" ook die betekenis van gesagvoerder van 'n lugvaartuig;

Ander uitdrukkings het dieselfde betekenis as in die algemene bepalings van hierdie regulasies.

Aircraft Entering or Leaving the Union.

259. An aircraft entering or leaving the Union or South West Africa shall for the purpose of obtaining Customs, Immigration and Health clearances, make its first landing at or last departure from one of the following aerodromes which are hereby prescribed as Customs Aerodromes in place of those mentioned under Government Notices Nos. 1412 of 1929 and 81 of 1931:—

Pietersburg.
Johannesburg (Rand Airport, Germiston).
Barberton.
Kimberley.
Durban.
Capetown (Wingfield).
Walvis Bay.
Windhoek.

Exception.

Provided that this paragraph shall not apply where an aircraft is compelled to land before arriving at a Customs Aerodrome owing to accident, stress of weather, or unavoidable cause, in which case the procedure laid down in paragraph 278 of this Chapter shall be followed.

Aircraft on Regular or Scheduled Services.

260. All aircraft employed on regular or scheduled air services, whose point of arrival or departure or intermediate landing is in the Witwatersrand area, shall obtain Customs or other clearances at the Rand Airport, Germiston.

261. Pilots of aircraft requiring clearance at Walvis Bay, Windhoek, Capetown, Durban, Barberton or Pietersburg, at which aerodromes there are either no resident customs officials or the aerodrome is situated some considerable distance from the customs house, are required to give at least twelve hours' notice of the time and date of their arrival to the Customs Authorities at Walvis Bay, Capetown, Pietersburg and Durban, and to the Police at Windhoek and Barberton, in order that arrangements may be made for the attendance of the necessary officials.

No Aircraft to carry Prohibited Goods.

262. No person in any aircraft entering or leaving the Union shall carry or allow to be carried in the aircraft any goods the importation or exportation of which is prohibited by law.

Breaking or Altering Seals.

263. No person in any aircraft entering the Union shall break or alter any seal placed upon any part of the aircraft or upon any goods therein by a revenue officer at the aerodrome from which he departed for the Union.

ARRIVING AT CUSTOMS AERODROMES FROM ABROAD.

Aircraft Landing at Customs Aerodrome to be Examined.

264. (*a*) The pilot of an aircraft arriving at a Customs aerodrome from a place outside the Union shall, on landing, forthwith take his aircraft to the examination station at that aerodrome.

Failure to Comply.

(*b*) Provided that a pilot shall not be deemed to have contravened or failed to comply with these regulations if he proves that circumstances over which he had no control prevented him from taking his aircraft to the examination station and that, after the report required by paragraph 265 of this Chapter had been duly made by him, all goods carried in the said aircraft were removed to the examination station in the presence of an officer of customs and excise.

265. Within twenty-four hours after the landing at any Customs Aerodrome of an aircraft from a place outside the Union, the pilot shall—

(*a*) make a report to the proper officer of Customs and Excise in the form prescribed by the Commissioner; and

(*b*) truly furnish the several particulars required by such form; and

Log Books.

(*c*) deliver to such officer with such report his (1) journey log; (2) manifest and declaration of the goods on board his aircraft signed by the proper revenue officer at the aerodrome from which he departed for the Union;

Examination of Baggage.

(*d*) disembark all passengers carried in such aircraft for examination of baggage and, after making such reports shall produce, and if required to do so, shall offload all goods in such aircraft for examination.

Provided that in the case of an aircraft landing in the Union from any African territory referred to in any law or regulation relating to public health and required thereby to proceed to a sanitary aerodrome, the pilot shall not be required to make a report on first landing, but shall make the report referred to in this paragraph at such sanitary aerodrome.

Lugvaartuie wat die Unie binnekom of daaruit vertrek.

259. 'n Lugvaartuig wat die Unie of Suidwes-Afrika binnekom of daaruit vertrek, moet, met die oog op in- en uitklaring deur die doeane-, immigrasie- en gesondheidsowerhede, heel eerste land op of heel laaste opstyg van een van die volgende vliegparke, wat hierby as doeane-vliegparke voorgeskryf word in die plek van dié bedoel by Goewermentskennisgewings Nos. 1412 van 1929 en 81 van 1931:—

Pietersburg.
Johannesburg (Randse Vlieghawe, Germiston).
Barberton.
Kimberley.
Durban.
Kaapstad (Wingfield).
Walvisbaai.
Windhoek.

Uitsondering.

Hierdie artikel geld egter nie wanneer 'n lugvaartuig, voordat hy 'n doeane-vliegpark bereik, tot landing verplig word deur ongeval, ongunstige weer of onvermydelike omstandighede nie. In sulke gevalle geld die bepalings van artikel 278 van hierdie hoofstuk.

Lugvaartuie in gereelde of Programdiens.

260. Elke lugvaartuig wat gereeld of programmatig die lugdiens beoefen en waarvan die plek van aankoms, vertrek of tussenlanding in die gebied Witwatersrand geleë is, moet sy doeane- en ander klarings aan die Randse Vlieghawe, Germiston, verkry.

261. By Walvisbaai, Windhoek, Kaapstad, Durban, Barberton en Pietersburg is daar òf geen inwonende doeanebeamptes nie òf die vliegparke is taamlik ver van die doeanekantore geleë. Daarom moet bestuurders van lugvaartuie wat op een van genoemde plekke klaring moet verkry ten minste twaalf uur voor die tyd van hul aankoms kennis gee daarvan aan die doeanekantoor te Walvisbaai, Kaapstad, Pietersburg en Durban en aan die polisie te Windhoek en Barberton, sodat reëlings getref kan word om die nodige beamptes daar te besorg.

Meevoer van verbode goedere.

262. 'n Insittende van 'n lugvaartuig wat die Unie binnekom of daaruit vertrek, mag in so'n lugvaartuig nie goedere meevoer waarvan die in- of uitvoer by Wet verbied is, of toelaat dat sodanige goedere also meegevoer word nie.

Verbreking of verandering van Seëls.

263. 'n Insittende van 'n lugvaartuig wat die Unie binnekom, mag geen seël verbreek of verander wat 'n beampte van die inkomste-kantoor aan die lugvaartuig of aan goedere daarin aangebring het op 'n vliegpark waarvan so'n insittende vertrek het na die Unie nie.

AANKOMS BY DOEANE-VLIEGPARKE UIT DIE BUITELAND.

Lugvaartuie visenteer op Doeane-vliegparke by landing.

264. (*a*) Die bestuurder van 'n lugvaartuig wat op 'n doeane-vliegpark aankom uit 'n plek buite die Unie, moet dadelik na landing sy lugvaartuig besorg op die visenteerpos van die vliegpark.

Versuim in nakoming.

(*b*) Die bestuurder het egter geen oortreding of versuim in nakoming van hierdie regulasies gepleeg nie as hy bewys dat hy deur omstandighede buite sy beheer verhinder is om sy lugvaartuig op die visenteerpos te besorg en dat, na indiening van die verslag bedoel by artikel 265 van hierdie hoofstuk, al die goedere aan boord van die lugvaartuig in teenwoordigheid van 'n doeane- en aksynsbeampte gebring is na die visenteerpos.

265. Binne vier-en-twentig uur na landing op 'n doeane-vliegpark moet die bestuurder van 'n lugvaartuig wat van buite die Unie kom—

(*a*) verslag indien by die regte doeane- en aksynsbeampte, en wel volgens 'n vorm wat die kommissaris voorskryf; en

(*b*) na waarheid die verskillende gegewens verstrek wat op so'n vorm gevra word; en

Logboeke.

(*c*) tesame met hierdie verslag onderstaande stukke indien by die regte doeane- en aksynsbeampte: (1) sy reislogboek en (2) manifes en verklaring van goedere aan boord van sy lugvaartuig, bekragtig deur die handtekening van die regte inkomste-beampte op die vliegpark waarvan die bestuurder vertrek het na die Unie.

Visentering van Bagasie.

(*d*) al die passasiers van so'n lugvaartuig laat uitklim sodat die bagasie gevisenteer kan word. Na indiening van die vereiste verslae moet die bestuurder al die goedere in die lugvaartuig ter visentering toon en desvereist aflaai.

As 'n lugvaartuig in die Unie land uit 'n Afrikaanse gebied bedoel by 'n wet of regulasies op die volksgesondheid en hom ingevolge sodanige wet of regulasies na 'n gesondheidsvliegpark moet begeef, hoef die bestuurder egter nie by eerste landing die verslag bedoel by hierdie artikel in te dien nie, maar moet dit dan by die gesondheidsvliegpark doen.

Departure for Foreign Destination from Customs Aerodrome.

266. The pilot of every aircraft in which goods are to be exported shall, before any goods are taken on board, deliver to the proper officer of Customs and Excise a notice of departure for a foreign destination in the form prescribed by the Commissioner in which shall be truly stated the particulars required by such form.

Customs Clearance Certificate.

267. The pilot of every aircraft about to proceed direct to any place outside the Union shall deliver in duplicate to the proper officer of Customs and Excise at a Customs aerodrome, together with the journey logbook belonging to the aircraft, an application for clearance from that aerodrome in the form prescribed by the Commissioner, and also if the aircraft carries any goods, a manifest and declaration in the form prescribed by the Commissioner declaring the goods and stores on such aircraft, and shall truly state therein the particulars required by such forms respectively; and such forms, when signed by such officer shall be the clearance and authority for the aircraft to proceed to its foreign destination.

Authority to be Obtained to Depart.

268. A pilot shall not depart in any such aircraft from the Union until he has obtained such authority and, after obtaining such authority shall not call at any other place in the Union before proceeding to his foreign destination. Any pilot intending to land at one or more Customs aerodromes before proceeding to his foreign destination shall apply for his clearance and authority at the last Customs aerodrome at which he lands.

Importation Entry, and Unloading of Goods.

269. A person importing goods in an aircraft shall not bring the goods into any place in the Union other than a Customs aerodrome, or unload the goods from any aircraft except at an examination station (unless such goods are unloaded in the presence of an officer of Customs and Excise under the provisions of paragraph 264 of this Chapter), and shall not unload the goods except between such hours as the Commissioner prescribes or remove the goods from an examination station unless the goods have first been duly entered in manner provided by these regulations and produced to the proper officer of Customs and Excise and duly released by him.

Removal of Goods.

270. A person shall not remove from any aircraft any goods imported therein until the report required by paragraph 265 of this Chapter has been made and the authority of the proper officer of Customs and Excise has been obtained.

Importation of Goods.

271. (*a*) The importer of any goods imported in aircraft shall deliver to the Collector of Customs and Excise in whose district the aerodrome of importation is situated an entry of such goods in accordance with the provisions of the Acts relating to Customs, and shall truly furnish thereon the several particulars required by such forms, and shall pay to the proper collector of Customs and Excise all duties chargeable thereon at the times and in the manner prescribed by the said Acts.

Passenger's Baggage.

(*b*) Provided that no entry shall be required in respect of the baggage of passengers, who shall however, be subject to the provisions of the Customs Acts applicable to passengers landing within the Union.

Unladen Goods.

272. All goods imported into a Customs aerodrome in any aircraft shall be duly entered and unladen within seven days from the time of the arrival of such aircraft at the aerodrome or within such further period as the Commissioner may allow.

Storage of Goods.

273. All goods imported in aircraft which have not been examined or released by the proper officer of Customs and Excise shall be stored in a transit shed at the Customs aerodrome, and no person shall remove such goods from the transit shed before examination or release by such officer. In default, the goods shall be dealt with in manner prescribed by the Customs Management Acts and the regulations issued thereunder.

Exportation of Goods.

274. The exporter of any goods intended for exportation in aircraft shall deliver to the proper officer of Customs and Excise at the Customs aerodrome from which such aircraft is cleared to its foreign destination an entry in the form prescribed by the Commissioner and shall truly state in such form the particulars thereby required and pay the duty, if any, and such form, when signed by the proper officer of Customs and Excise, shall be the authority for the exportation of such goods.

Authority to Export.

275. No person shall export goods in such aircraft until such authority has been given by the proper officer of Customs and Excise.

Vertrek na Buiteland van 'n Doeane-vliegpark af.

266. Die bestuurder van elke lugvaartuig waarin goedere uitgevoer gaan word, moet, voordat die goedere opgelaai word, aan die regte doeane- en aksynsbeampte kennis van vertrek na 'n buitelandse bestemming verstrek, en wel volgens die vorm wat die kommissaris voorskryf. Op die vorm moet die daarop gevraagde gegewens na waarheid opgegee word.

Bewys van Doeane-klaring.

267. Die bestuurder van 'n lugvaartuig wat op die punt staan om regstreeks na 'n plek buite die Unie te gaan, moet die reislogboek ten aansien van die lugvaartuig by die regte doeane- en aksynsbeampte indien tesame met 'n aansoek om klaring uit die vliegpark in duplo en volgens die vorm wat die kommissaris voorskryf. As op die lugvaartuig goedere meegevoer word, moet die bestuurder ook manifes en verklaring uit die vliegpark in duplo en volgens die vorm wat wat die kommissaris voorskryf. Hierin moet die goedere en materiaal op die lugvaartuig en al die gegewens wat in die vorms gevra word, na waarheid aangegee word. Na ondertekening van hierdie vorms deur gemelde beampte is hulle voldoende klaring en magtiging vir die lugvaartuig om sy weg te vervolg na die buitelandse bestemming.

Magtiging om te vertrek.

268. 'n Bestuurder mag nie met so 'n lugvaartuig uit die Unie vertrek voordat hy hierdie magtiging het nie. Na verkryging van die magtiging mag hy ook nie weer binne die Unie op 'n plek aandoen onderweg na die buitelandse bestemming nie. 'n Bestuurder wat van plan is om onderweg na die buitelandse bestemming op 'n doeane-vliegpark of verskeie in die Unie te land, moet weer op die laaste sodanige doeane-vliegpark waarop hy land aansoek om klaring en magtiging doen.

Invoer en aflaai van goedere.

269. Iemand wat goedere met 'n lugvaartuig invoer, mag die goedere op geen ander plek in die Unie bring as 'n doeane-vliegpark, of die goedere uit die lugvaartuig aflaai op 'n ander plek as die visenteerpos nie [behoudens die bepaalde by artikel 264 (*b*) van hierdie hoofstuk]. Ook mag hy nie die goedere op ander tye aflaai as wat die kommissaris voorskryf, of die goedere van die visenteerpos verwyder voordat hulle eers volgens die voorskrif van hierdie regulasies aangifte van gedoen, aan die regte doeane- en aksynsbeampte getoon en deur laasgenoemde deurgelaat is nie.

Verwydering van goedere.

270. Niemand mag uit 'n lugvaartuig goedere wat daarmee ingevoer is, verwyder voordat die verslag bedoel by artikel 265 van hierdie hoofstuk ingedien en die magtiging van die regte doeane- en aksynsbeampte verkry is nie.

Invoer van goedere.

271. (*a*) Die invoerder van goedere per lugvaartuig moet by die invorderaar van doeane- en aksynsregte binne wie se gebied die vliegpark van invoer geleë is, aangifte van die goedere doen ooreenkomstig die wette op doeane, en na waarheid die verskillende gegewens verstrek wat op daardie vorms gevra word. Ook moet so 'n invoerder aan die invorderaar van doeane- en aksynsregte al die regte wat op die goedere gehef is, betaal, en wel op die tyd en manier wat in gemelde wette voorgeskryf is.

Passasiersbagasie.

(*b*) Aangifte van passassiersbagasie is nie nodig nie. Passassiers is egter onderworpe aan die bepalings van die doeanewette betreffende passasiers wat in die Unie land.

Uitlaai van goedere.

272. Alle goedere wat in 'n doeane-vliegpark per lugvaartuig ingevoer word, moet behoorlik aangifte van gedoen en uitgelaai word binne sewe dae na aankoms van die lugvaartuig op die vliegpark of binne 'n verlengde termyn goedgekeur deur die kommissaris.

Opberging van Goedere.

273. Alle goedere wat per lugvaartuig ingevoer en nog nie deur die regte doeane- en aksynsbeampte gevisenteer en deurgelaat is nie, moet in 'n transitoloods op die doeane-vliegpark opgeberg word. Niemand mag hierdie goedere uit die transitoloods verwyder voordat so 'n beampte hulle gevisenteer of deurgelaat het nie. By uitblywing hiervan word met die goedere gehandel volgens voorskrif van die wette op beheer van die doeane en die regulasies ingevolge hierdie wette.

Uitvoer van goedere.

274. Die uitvoerder van goedere bedoel vir uitvoer per lugvaartuig moet by die regte doeane- en aksynsbeampte op die doeane-vliegpark waar so 'n lugvaartuig na sy buitelandse bestemming uitgeklaar word, aangifte van die goedere doen, en wel volgens die vorm wat die kommissaris voorskryf. Op hierdie vorm moet die uitvoerder na waarheid die gegewens opgee wat daarin gevra word en die verskuldigde regte betaal. Na ondertekening deur die regte doeane- en aksynsbeampte is hierdie vorm voldoende magtiging tot uitvoer van sodanige goedere.

Magtiging tot uitvoer.

275. Niemand mag goedere met so 'n lugvaartuig uitvoer voordat die regte doeane- en aksynsbeampte die magtiging daartoe gegee het nie.

Unloading of Goods.

276. No person shall, without the consent of the proper officer of Customs and Excise, unload from any aircraft any goods loaded therein for exportation which have been entered for export under paragraph 274 of this Chapter, or open, alter, or break any lock, mark, or seal placed by any officer of Customs and Excise on any goods in any aircraft about to depart from the Union.

General Provisions.

277. If any officer of Customs and Excise in the execution of his duty boards any aircraft in any place, the pilot thereof shall not convey him in the aircraft away from such place without his consent.

Landing at a place other than a Customs Aerodrome.

278. If any aircraft arriving from a place outside the Union shall land in any place other than a Customs aerodrome, the pilot shall forthwith report to an officer of Customs and Excise or police officer or justice of the peace, and shall on demand produce to such officer or justice of the peace the journey log-book or any other papers belonging to the aircraft, and shall not allow any goods to be unloaded therefrom without the consent of an officer of Customs and Excise, and no passenger thereof shall leave the immediate vicinity without the consent of an officer of Customs and Excise, or police officer, or justice of the peace. If such place of landing shall be an aerodrome, the pilot shall forthwith report the arrival of the aircraft and the place whence it came to the proprietor of the aerodrome, who shall forthwith report the arrival of the aircraft to an officer of Customs and Excise, and shall not allow any goods to be unloaded therefrom or any passenger thereof to leave the aerodrome without the consent of such officer.

Right of Entry.

279. The proprietor of any aerodrome shall at all times permit any officer of Customs and Excise to enter and inspect his aerodrome and all buildings and goods thereon.

Right to Inspect Aircraft.

280. The pilot of any aircraft shall permit any officer of Customs and Excise at any time to board and inspect his aircraft, and any goods laden therein, and every such officer shall have the right of access at any time to any place to which access is necessary for the purpose of such inspection.

Inspection of Goods.

281. The importer or exporter of any goods imported or exported in an aircraft shall produce such goods to the proper officer of Customs and Excise at the Customs aerodrome of importation or exportation, as the case may be, and shall open for his inspection such goods, and shall permit him to take, without payment, samples thereof for examination, or for ascertaining the duty payable thereon, or for such other purpose as the Commissioner may deem necessary.

Provisions of Customs Act.

282. The provisions of the Acts relating to Customs, other than those relating to coasting trade, shall, so far as they are applicable, and except as they are modified by this Chapter, apply to aircraft and to goods, mails, and persons carried in or landed from them as they apply to ships and to goods, mails, and persons carried in or landed from ships.

Modification of Documents.

283. The Commissioner may modify the form of any document prescribed by the Acts relating to Customs, so as to make such form applicable to aircraft or goods carried therein.

Offence Against Customs Law.

284. Any licence under the Act or these regulations may be cancelled by the Director of Civil Aviation on conviction of the holder by a competent court of an offence against the provisions of the Customs Law of a contracting State, so far as those provisions are in accordance with Annex H of the Convention.

CHAPTER XVIII.

IMMIGRATION REGULATIONS FOR AIRCRAFT ENTERING THE UNION.

Application of Immigration Act.

285. Any provisions for the time being in force of the Immigrants' Regulation Act No. 22 of 1913, and any amendment thereof, and of the Immigration Quota Act No. 8 of 1930, or of any regulations made thereunder, with respect to persons arriving in or departing from the Union by sea shall apply to persons arriving or departing by air as if the same were herein set out, with such modifications as are necessary for adapting them to such purpose.

CHAPTER XIX.

INVESTIGATION OF ACCIDENTS.

Application of Regulations.

286. These regulations shall apply to accidents arising out of, or in the course of, air navigation which occur in or over the Union, or which occur elsewhere to Union Aircraft.

Aflaai van goedere.

276. Niemand mag sonder toestemming van die regte doeane- en aksynsbeampte goedere ten opsigte waarvan ingevolge artikel 274 van hierdie hoofstuk aangifte van uitvoer gedoen en wat in 'n lugvaartuig vir uitvoer gelaai is, daaruit aflaai of 'n slot, merk of seël wat 'n doeane- of aksynsbeampte aangebring het aan goedere in 'n lugvaartuig wat op vertrek uit die Unie staan, oopmaak, verander of breek nie.

Algemene bepalings.

277. As 'n doeane- en aksynsbeampte in die uitvoering van sy taak 'n lugvaartuig binnetree, mag die bestuurder hom nie sonder sy toestemming van dié plek af wegneem nie.

Op 'n ander plek as 'n Doeane-vliegpark land.

278. As 'n lugvaartuig van buite die Unie op 'n ander plek as 'n doeane-vliegpark land, moet die bestuurder hom dadelik by 'n doeane- en aksynsbeampte of 'n polisiebeampte of vrederegter aanmeld en aan sodanige beampte of vrederegter die reislogboek of elke ander dokument ten aansien van die lugvaartuig op versoek oorlê en nie toelaat dat goedere afgelaai word sonder toestemming van 'n doeane- en aksynsbeampte nie. Geen passasier mag die onmiddellike omtrek verlaat sonder toestemming van 'n doeane- en aksynsbeampte of 'n polisiebeampte of 'n vrederegter nie. Ingeval hierdie landingsplek 'n vliegpark is, moet die bestuurder dadelik die aankoms van die lugvaartuig en die plek waar hy vandaan kom, meld by die ondernemer van die vliegpark. Laasgenoemde moet dadelik die aankoms van die lugvaartuig meld by 'n doeane- en aksynsbeampte en nie toelaat dat goedere uit die lugvaartuig afgelaai word of dat passasiers die vliegpark verlaat sonder toestemming van gemelde beampte nie.

Reg van toegang.

279. Die ondernemer van 'n vliegpark is verplig om 'n doeane- of aksynsbeampte te eniger tyd toegang te verleen om die vliegpark en alle geboue en goedere daarop te visenteer.

Reg op Visentering van Lugvaartuie.

280. Die bestuurder van 'n lugvaartuig is verplig om 'n doeane- en aksynsbeampte te eniger tyd toe te laat om die lugvaartuig te betree ten einde lugvaartuig en lading te visenteer. So 'n beampte het te eniger tyd reg van toegang tot elke plek waartoe toegang nodig is om die visentering te kan uitvoer.

Visentering van goedere.

281. Die in- of uitvoerder van goedere per lugvaartuig moet hierdie goedere op die doeane-vliegpark van in- of uitvoer, al na die geval, aan die regte doeane- en aksynsbeampte toon, vir laasgenoemde hierdie goedere ter visentering blootlê en hom toelaat om sonder vergoeding monsters daarvan te neem vir ondersoek of om die doeanereg vas te stel, of vir elke ander doel wat die kommissaris bepaal.

Bepalings van Doeanewet.

282. Die bepalings van die wette op doeane, behalwe dié betreffende kushandel, geld vir sover toepaslik en vir sover nie deur hierdie hoofstuk gewysig nie, ten aansien van lugvaartuie en goedere, pos en persone daarin vervoer of daaruit op land gebring, op dieselfde manier as ten aansien van skepe en goedere, pos en persone daarin vervoer of daaruit op land gebring.

Wysiging van Dokumente.

283. Die kommissaris kan die vorm van elke dokument wat die wette op doeane voorskryf, wysig ten einde so 'n vorm van toepassing te maak op lugvaartuie of goedere wat daarin vervoer word.

Oortreding van Doeanewet.

284. Elke lisensie ingevolge die Wet of hierdie regulasies kan deur die direkteur van burgerlike lugvaart ingetrek word by veroordeling van die houer daarvan deur 'n bevoegde hof weens oortreding van 'n bepaling in die doeanewet van 'n kontrakterende staat, vir sover so 'n bepaling in ooreenstemming is met Aanhangsel H van die Konvensie.

HOOFSTUK XVIII.

IMMIGRASIE-REGULASIES OP LUGVAARTUIE WAT DIE UNIE BINNEKOM.

Toepaslikheid van Immigrasiewet.

285. Elke bepaling wat van die „ Wet tot Regeling van Immigratie " (No. 22 van 1913) en wysiging daarvan en van die „ Immigrasie Kwota-wet " (No. 8 van 1930) of van regulasies kragtens hierdie wette op die oomblik van krag is ten aansien van persone wat per seevaartuig die Unie binnekom of daaruit vertrek, geld ook vir persone wat also per lugvaartuig binnekom of vertrek, en wel asof gemelde bepalings hier afgedruk staan met die wysigings wat nodig is om hulle hiervoor aan te pas.

HOOFSTUK XIX.

ONDERSOEK NA ONGEVALLE.

Toepaslikheid van Regulasies.

286. Hierdie regulasies is van toepassing op ongevalle wat ontstaan uit of in die loop van die beoefening van die lugvaart binne die Unie of met Unie-lugvaartuie elders.

Notification of Accidents.

287. Where an accident occurs to a Union aircraft and involves death or injury to any person, whether carried in the aircraft or not, or serious structural damage to the aircraft; or where the failure of any part of an aircraft occurs which is likely to cause an accident, the pilot, or if the pilot is incapacitated by injury, the owner or hirer of the aircraft shall—

(*a*) if the accident occurs in or over the Union—
  (i) send notice thereof by telegram to the Director of Civil Aviation, Defence Headquarters, Pretoria. (Telegraphic address: "AVIATION" Pretoria);
  (ii) notify the Magistrate and the local police;

(*b*) if the accident has occurred elsewhere than in or over the Union, send notice thereof in writing to the Director of Civil Aviation;

(*c*) provided that in the case of an aircraft which is engaged on hire at the time of the accident the owner thereof shall, as between himself and the hirer and in the absence of any agreement to the contrary, be responsible for compliance with this regulation.

Particulars of Notification.

288. The notice shall be sent as soon as possible, and, if the accident occurs in or over the Union, within twenty-four hours after the occurrence of the accident unless the person whose duty it is to send it proves that it was not possible to send it within that time, and in any case shall state—

(*a*) the nationality and the registration marks of the aircraft;

(*b*) the name of the owner and hirer (if any) of the aircraft;

(*c*) the name of the pilot of the aircraft;

(*d*) the place where the accident took place;

(*e*) the date and time when the accident took place;

(*f*) the nature of the accident; and

(*g*) whether death or personal injury was caused by the accident, and if so, to whom.

Authority to remove Aircraft to be obtained.

289. Where an accident occurs in or over the Union, and involves major repairs to the aircraft as aforesaid—

(*a*) the aircraft shall not, except under the authority of the Director of Civil Aviation be removed from its place or otherwise interfered with provided that—
  (i) the aircraft or any parts thereof may be removed or interfered with so far as may be necessary for the purpose of extricating persons or animals involved, removing any mails carried by the aircraft, preventing destruction by fire or other cause, or preventing any danger or obstruction to the public; or for some other urgent reason approved of by the magistrate or the senior officer of police in the district;
  (ii) goods, mails, or passengers' baggage may be removed from the aircraft under the supervision of the pilot or an officer of police, but, in the case of an aircraft which has come from a place outside the Union, shall not be removed from the vicinity of the aircraft except on clearance by or with the consent of an officer of Customs and Excise;

Authority to Investigate.

(*b*) the Director of Civil Aviation may authorize any person, so far as may be necessary for the purpose of investigation under these regulations, to take measures for the preservation of the aircraft and to have access to examine, remove, or otherwise deal with the aircraft;
  (i) provided that if an aircraft is wrecked on the water, the aircraft or any parts or contents thereof may be removed to such extent as may be necessary for bringing it or them to a place of safety.

Appointment of Inspector of Accidents and Board of Inquiry.

290. Where an accident occurs to an aircraft the Minister may appoint an Inspector of Accidents who shall whether or not such accident is one notice whereof is required to be given under these regulations, make inquiries as to the cause of the accident and report thereon to the Minister. Nothing, however, herein shall be construed as preventing the Minister appointing the Board of Inquiry under section *ten* of the Act without any such inquiry or report by the Inspector of Accidents. All persons are required to assist the Inspector of Accidents, and he shall have access to and authority to examine any aircraft concerned in the accident and the place where the accident occurred.

Berig van Ongeval.

287. Wanneer 'n ongeval plaasgevind het met 'n Unie-lugvaartuig ten gevolge waarvan 'n insittende of iemand anders omgekom of besering opgedoen het of die lugvaartuig ernstig beskadig is, of wanneer 'n deel van 'n lugvaartuig kapot raak waardeur 'n ongeval sou kan gebeur, moet die bestuurder, of, as hy deur besering ongeskik is, die eienaar of huurder van die lugvaartuig—

(*a*) waar die ongeval binne die Unie plaasgevind het—
  (i) telegrafies berig gee daarvan aan die direkteur van burgerlike lugvaart, Verdedigingshoofkwartier, Pretoria (telegramadres: AVIATION, Pretoria);
  (ii) die magistraat en die plaaslike polisie daarvan berig gee;

(*b*) waar die ongeval elders plaasgevind het: Skriftelik berig daarvan gee aan die direkteur van burgerlike lugvaart;

(*c*) as 'n lugvaartuig egter ten tyde van die ongeval in huur is, is die eienaar daarvan, by wyse van skikking tussen hom en die huurder en by ontstentenis van ooreenkoms in die teendeel, aanspreeklik vir nakoming van hierdie artikel.

Besonderhede in berig.

288. Van die ongeval moet so spoedig moontlik berig gegee word. Waar die ongeval binne die Unie plaasgevind het, moet berig binne vier-en-twintig uur daarna geskied, tensy die verantwoordelike persoon bewys dat dit onmoontlik was om die berig binne hierdie tyd te stuur. In alle geval moet die berig bevat—

(*a*) die nasionaliteits- en inskrywingskenmerke van die lugvaartuig;
(*b*) naam van eienaar en/of huurder van die lugvaartuig;
(*c*) naam van die bestuurder van die lugvaartuig;
(*d*) die plek waar die ongeval plaasgevind het;
(*e*) dag en uur waarop die ongeval plaasgevind het;
(*f*) die aard van die ongeval; en
(*g*) of ten gevolge van die ongeval iemand omgekom het of beseer is, en so ja, wie.

Magtiging nodig om verongelukte Lugvaartuig te verwyder.

289. Waar 'n ongeval binne die Unie plaasvind ten gevolge waarvan groot herstellings aan die lugvaartuig nodig is—

(*a*) moet die lugvaartuig, behalwe met toestemming van die direkteur van burgerlike lugvaart, in presies dieselfde toestand gelaat word waarin hy na die ongeval gekom het, met dien verstande egter dat—
  (i) die lugvaartuig of van sy onderdele verwyder of anders mee gehandel mag word vir sover nodig om mens of dier betrokke in die ongeval uit te haal, pos uit die lugvaartuig te verwyder, vernieling deur brand of ander oorsaak te voorkom, gevaar en hindernis vir die publiek uit die weg te ruim of om 'n ander dringende rede met goedkeuring van die magistraat of senior polisiebeampte van die distrik;
  (ii) goedere, pos of passasiersbagasie onder toesig van die bestuurder of 'n polisiebeampte uit die lugvaartuig verwyder mag word. In die geval van 'n lugvaartuig van buite die Unie moet hierdie dinge egter binne die onmiddellike nabyheid van die lugvaartuig gehou word totdat klaring daarvoor gegee is deur of met toestemming van 'n doeane- en aksynsbeampte;

Magtiging tot ondersoek.

(*b*) kan die direkteur van burgerlike lugvaart, vir sover magtiging nodig is tot ondersoek ingevolge hierdie regulasies, iemand magtig om die lugvaartuig in dieselfde toestand te laat bewaar en om die plek te betree ten einde die lugvaartuig te ondersoek, te verwyder of andersins daarmee te handel;
  (i) met dien verstande dat as 'n lugvaartuig op die water verongeluk, die lugvaartuig of onderdele of inhoud daarvan in so'n mate verwyder kan word as met die oog op veilige opberging nodig is.

Benoeming van Inspekteur van Ongevalle en Raad van Ondersoek.

290. Wanneer 'n ongeval met 'n lugvaartuig plaasgevind het, kan die Minister 'n inspekteur van ongevalle benoem. Laasgenoemde moet dan, onverskillig of van die onderhawige ongeval ingevolge hierdie regulasies berig gegee moes word of nie, ondersoek instel na die oorsaak van die ongeval en daaroor rapport uitbring aan die Minister. Ongeag hierdie bepaling kan die Minister 'n raad van ondersoek kragtens artikel *tien* van die Wet benoem sonder gemelde ondersoek of rapport van die inspekteur van ongevalle. Elkeen is verplig om die inspekteur van ongevalle by te staan. Hy het toegang tot elke lugvaartuig wat in die ongeval betrokke was en tot elke plek waar so 'n ongeval plaasgevind het. Verder is hy gemagtig om so 'n lugvaartuig en plek te ondersoek.

Powers of Board of Inquiry.

291. The Board of Inquiry under section *ten* of the Act shall have power to inspect or authorize any person to inspect any aircraft concerned in the accident, and to enter and inspect, or authorize any person to enter and inspect, any place or building the entry and inspection whereof appears to the Board to be necessary for the purposes of the investigation.

Report of Board to Minister.

292. The report of the Board of Inquiry to the Minister under section *ten* (1) of the Act as to the cause of and responsibility for the accident shall, where necessary, include observations and recommendations with a view to the preservation of life and the avoidance of similar accidents in future, including a recommendation for the cancellation, suspension, or endorsement of any licence or certificate.

Payment of Witnesses.

293. Every person attending as a witness before a Board of Inquiry may be paid out of moneys specifically appropriated by Parliament for the purpose of the Act, allowances in accordance with the tariff applicable to witnesses in criminal cases in a magistrate's court; provided that in the case of an owner or hirer of an aircraft concerned in the accident and of any person in his employment, such allowances may be disallowed if the Board, in its discretion, so directs.

Costs and Expenses.

294. (*a*) The Board may order any costs and expenses in and about the inquiry (including allowances to witnesses at the tariff rates, the remuneration to any member of the Board, the remuneration and expenses of the Inspector of Accidents, and the cost of service of process) to be paid by any person summoned before it to the Director of Civil Aviation if it finds that the accident was due to the default or negligence of that person.

(*b*) Subject, however, to any such order, such costs and expenses, including the cost of service of process, shall be part of the expenditure incurred by the Director of Civil Aviation and shall be paid out of moneys specifically appropriated by Parliament to the purposes of the Act.

General.

295. No person shall obstruct or impede the Board of Inquiry, an Inspector of Accidents, or any person acting under the authority of the Minister in the exercise of any powers or duties under these regulations.

✱ No. 1458.] [4th October, 1935.

His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council has been pleased, under sub-section (5) of section *twenty-eight* of the South Africa Defence Act, 1912, to appoint to commissioned rank in the Union Defence Forces, with effect from the dates stated, the persons named hereunder, who are posted to the Force and Unit as indicated above their respective names:—

SOUTH AFRICAN PERMANENT FORCE.

General Duties Branch.

As Second Lieutenants (on probation).—The undermentioned Permanent Force Cadets, 24th August, 1935:—

Thomas Ross Theron, *B.Sc.*
Jack Allan Mossop.
Douglas Edward Dudley Meaker.
Gerard Nicholas Robertson, *B.Sc.*
Clifford Stewart Coppen.
Johannes Albertus Geldenhuis Rademan.
Hans Hermann Borckenhagen.
Frederik Theron.
Johannes Andries Jansen.
Daniel de Waal.
St. Elmo Truter.
Frank Clement Camp.
Samuel Bonnin Hobson.
Charles Edward Granger Brereton-Stiles.
Hugh Cecil Hawkesley Webb.

ACTIVE CITIZEN FORCE.

1*st Medium Battery, South African Artillery.*

As Second Lieutenant.—Reginald James Laing Simpson. B.A., 11th September, 1935, with seniority from 16th July, 1934.

The Royal Durban Light Infantry.

As Second Lieutenant.—Sergeant John Vincent Hoyle, 30th July, 1935.

Duke of Edinburgh's Own Rifles.

As Second Lieutenant.—Jacob Adrian Louw Basson, 10th September, 1935.

The Kaffrarian Rifles.

As Second Lieutenants.—Sergeant Arthur Phillip McLellan, 19th July, 1935; Acting Sergeant Donald Pautz, 20th July, 1935; Corporal William Fred Hobbs, 21st July, 1935.

Rand Light Infantry.

As Second Lieutenant.—Acting Company Sergeant Major Ernest Reginald Tickton, 16th September, 1935.

Magte van Raad van ondersoek.

291. Die raad van ondersoek bedoel by artikel *tien* van die Wet het die mag om 'n lugvaartuig wat in die ongeval betrokke was, te inspekteer of om iemand daartoe te magtig. As die raad meen dat betreding en inspeksie van 'n gebou of plek nodig is om die ondersoek na behore te doen, het hy self die mag daartoe of kan by iemand daartoe magtig.

Verslag van Raad aan Minister.

292. Die raad se verslag aan die Minister ingevolge artikel *tien* (1) van die Wet oor die oorsaak van en aanspreeklikheid vir die ongeval moet waar nodig ook beskouings en aanbevelings bevat aangaande beveiliging van lyf en lewe en vermyding van dergelike ongevalle in die vervolg, tesame met 'n aanbeveling aangaande intrekking of skorsing van lisensies en bewyse of stelling van aantekening daarop.

Besoldiging van getuies.

293. Aan iedereen wat as getuie voor 'n raad van ondersoek verskyn, kan uit geld wat spesiaal deur die Parlement ter uitvoering van die Wet uitgetrek is, toelaes betaal word volgens die tarief vir getuies in strafsake voor magistraatshowe. Vir sover dit die eienaar of huurder van 'n lugvaartuig wat in die ongeval betrokke is of iemand in hul diens betref, kan die raad egter na eie goeddunke hierdie toelaes afwys.

Koste.

294. (*a*) Die raad kan beveel dat alle koste en uitgawes met of in verband met die ondersoek (met inbegrip van toelaes aan die getuies teen die vasgestelde tarief, besoldiging van lede van die raad, besoldiging en onkoste van die inspekteur van ongevalle en die koste verbonde aan lewering van die prosesstukke) aan die direkteur van burgerlike lugvaart deur iemand wat voor die raad gedaag is, vergoed word as die raad bevind dat die ongeval te wyte was aan so iemand se pligsversuim of nalatigheid.

(*b*) Behoudens die voorgaande bepaling, moet sodanige koste en uitgawes, met inbegrip van die koste verbonde aan lewering van die prosesstukke, egter ten laste van die direkteur van burgerlike lugvaart gelê en bestry word uit geld wat spesiaal deur die Parlement ter uitvoering van die Wet uitgetrek is.

Algemeen.

295. Niemand mag die raad van ondersoek, die inspekteur van ongevalle of iemand wat op gesag van die Minister optree, dwarsboom of belemmer in die uitoefening van sy magte of taak kragtens hierdie regulasies nie.

✱ No. 1458.] [4 Oktober 1935.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade behaag om, kragtens subartikel (5) van artikel *ag-en-twintig* van die „Zuid-Afrika Verdedigings Wet, 1912", ondergenoemdes met offisiersrang by die Unie-Veredigingsmag aan te stel van die vermelde datums af. Die naam van die mag en eenheid waarby hulle ingedeel is, verskyn bo hul name:—

SUID-AFRIKAANSE STAANDE MAG.

Tak Algemene Diens.

As tweede luitenant (op proef).—Ondergenoemde kadette van die Staande Mag, 24 Augustus 1935:—

Thomas Ross Theron, *B.Sc.*
Jack Allan Mossop.
Douglas Edward Dudley Meaker.
Gerard Nicholas Robertson, *B.Sc.*
Clifford Stewart Coppen.
Johannes Albertus Geldenhuis Rademan.
